Leer lees met

# Oxford

Graad 1 tot 3




**Oxford – jou keuse vir sukses**

Vertrou deur Suid-Afrikaanse onderwysers

#1 FOR LITERACY
Proud publishers of trusted dictionaries and reading schemes for South African schools

# Inhoudsopgawe


**Waarom dit belangrik is om leerders te leer om te lees** 3

**Hoe die meeste kinders leer lees** 4

**Die belangrikheid van leesvlakke** 6

**Wat is die korrekte vlak?** 6

**Die ses stadiums van leesontwikkeling** 7

**Die vyf vaardighede wat nodig is vir lees** 8

**1. Fonologiese en fonemiese bewustheid** 9

Woordbewustheid 10

Lettergreepbewustheid 10

Rymbewustheid 10

Fonemiese (klank-) bewustheid 11

**2. Klankleer (fonetiek)** 12

Die beginsel van die alfabet 12

Die onderrig van klank-letter-verhoudings 12

'n Voorbeeld van 'n alfabetiese kode 13

Hoe verskil klankleer (fonetiek) van fonemiese bewustheid? 14

Hoe klankleer leerders help lees 14

Woordherkenning 15

**3. Vlotheid** 17

Wat is vlotheid? 17

Stappe om vlot te lees 17

**4. Woordeskat** 19

Hoekom is woordeskat so belangrik? 19

Die woordeskatgaping 19

Wat navorsing ons leer 20

Wat jy kan doen om leerders se woordeskat te bou 20

'n Voorbeeld van 'n gefokusde woordeskatles 22

Leer leerders om woorde self te verken 23

**5. Begrip** 24

**Leesbegripstrategieë** 25

**Strategie 1: Aktiveer bestaande kennis** 25

**Strategie 2: Maak voorspellings** 25

**Strategie 3: Vra vrae** 26

**Strategie 4: Maak konneksies** 27

**Strategie 5: Maak prentjies (visualiseer)** 27

**Die leesproses: Voor, tydens en ná lees** 28

**Die rol van die onderwyser in die onderrig van die leesproses** 30

**Struikelblokke wat leer lees belemmer** 31

**Metodologie om lees te leer** 32

**1. Steierwerk** 32

**2. Gedeelde lees** 32

Die voordele van gedeelde lees 33

**3. Groepbegeleide lees** 34

**4. Lees in pare** 35

**5. Onafhanklike lees** 35

Hoe om leessessies leerdergesentreerd te maak 37

**Niefiksie** 38

**Waarom is niefiksie belangrik?** 38

Voorbeelde van ondersoekgebaseerde niefiksieleesboeke 40

**KABV/Kurrikulum-inligting aangaande lees** 41

**Sosiale taal teenoor akademiese taal** 42

**Sosiale taal: basiese interpersoonlike kommunikasievaardighede (BIKV)** 42

**Akademiese taal: kognitiewe akademiese taalvaardigheid (KATV)** 42

'n Vergelyking tussen BIKV en KATV 42

**Hoe om die ontwikkeling van BIKV te ondersteun** 43

**Hoe om die ontwikkeling van KATV te ondersteun** 43

**Toegevoegde tweetaligheid** 44

**Assessering** 45

**Die rol van assessering** 45

**Tipes assessering** 45

**Vyf stappe om doeltreffende assesserings te implementeer** 46

Grondlynassessering 49

Praktiese struikelblokke om Graad 1's te assesseer 49

Voorstelle vir grondlynassessering vir Graad 1 tot 3 49


**Hoe kan jy die grondlynassessering gebruik as hulpmiddel vir onderrig?** 53

Oorleer-inhoud 53

Inhaalprogramme 53

Wenke vir die implementering van "inhaalprogramme" of remediërende klasse 53

**Intervensiestrategieë** 54

# Waarom dit belangrik is om leerders te leer om te lees

| KOMMERWEKKENDE STATISTIEKE | WAT DIT BETEKEN |
|---|---|
|  | Suid-Afrikaanse leerders se prestasie in internasionale leesassesserings soos die Studie vir vordering in leesgeletterdheid (bekend as PRILS) toon dat 8 uit 10 Graad 4-leerders nie verstaan wat hulle lees nie. |
| 62% van Graad 1-leerders kon nie 'n enkel-letter-klank ten tyde van die toetsing identifiseer nie. | Internasionaal-geadministreerde diagnostiese toetse vir lees vir begingrade, soos die Vroeë-grade Leesassessering (bekend as EGRA) toon vlakke van leesvaardighede in leerders. 'n EGRA-diagnostiek in 3 provinsies in Suid-Afrika toon dat 62% van Graad 1 leerders nie in staat was om 'n enkel-letter-klank kon identifiseer tydens die toetse nie. |
| Ongeveer 30% van Graad 1-leerders sal matriek behaal en deurkom. | Alhoewel toegang tot skole en inskrywings verbeter het, bly lae leerderbywoning en -terughouding 'n groot bekommernis. Hoë vlakke van skoolverlating dui daarop dat ons meer op die kwaliteit van onderwysing en leer in ons skole moet fokus. |

Geletterdheidsvlakke, wat die vermoë om te kan lees en skryf insluit, is die fundamentele boublokke tot leer. Ons leer leerders in die grondslagfase om te lees sodat hulle kan lees om te leer in die res van hul skoolloopbane. Goeie geletterdheidsvlakke is die sleutel wat toegang tot lewenslange leergeleenthede ontsluit.

Om die statistieke van vroeë grade se geletterdheidsvlakke te lees, kan ontmoedigend wees. Maar om te weet watter uitdagings ons in die gesig staar, is die eerste stap om dit te oorkom. Die goeie nuus is dat toenemend meer en meer navorsing gepubliseer word oor wat werk (bewysgegronde benaderings) om leerderuitkomste te verbeter. Hierdie bewyse kan ons help om leerbenaderings en -praktyke te kies wat bekend is vir die doeltreffendheid daarvan.

Wat sê hierdie bewyse dus?

- Sterk fokus op die leer van geletterdheidsvaardighede in die grondslagfase is uiters belangrik. Dit is gedurende hierdie fase dat leerders die oorgang van hoe om woorde te ontsyfer (opbreek van woorde in individuele klanke) na voornemende lesers bemeester. Hulle begin dus om woorde op sigwaarde te herken, terwyl hulle terselfdertyd dit ook verstaan.
- Navorsing toon dat leerders wat nie die verwagte leesstandaarde teen die einde van Graad 3 bereik nie, meer geneig is om:
  - Probleme te ondervind in hul latere skooljare en hulle is minder waarskynlik om toegang te kry tot leermateriaal in die Graad 4-kirrikulum.
  - Grade te herhaal en/of skool te verlaat.
  - Beperkte toegang tot verdere studies en latere werksgeleenthede te hê.

Oxford University Press ondersteun onderwysers om bewyse te gebruik van wat werk om geletterdheidsuitkomste te verbeter, veral vir leerders in die grondslagfase. Ons hoop dat hierdie gids jou sal help in die belangrike taak om jou leerders te leer om te lees. Dit sal vir hulle die grondslagvaardighede gee wat hulle benodig om later suksesvol in hul skoolloopbane te wees.





# Hoe die meeste kinders leer lees

## 1 Hulle gebruik babataal

Babas word gebore in staat om enige moontlike geluid (foneem) te kan hoor. So gou hulle kan, maak hulle geluide ten einde hul behoeftes te kommunikeer. Soos die ouers met hul baba praat, laat vaar die baba gaandeweg foneme wat hulle nie hoor nie, omdat dié nie belangrik is vir kommunikasie nie. Hulle begin gou die geluide wat hulle wel hoor, naboots.

Teen die ouderdom van een jaar begin kinders om betekenis te voeg by dié woorde wat hulle kan verstaan en begin ook woorde sê. Vanselfsprekend begin hulle met die woorde wat hulle die meeste hoor.

## 2 Hulle ontwikkel aanvangstaal

Kinders kan woorde wat vir hulle gesê word verstaan lank voordat hulle self die woorde kan sê. Dit word aanvangstaal genoem; hulle ontwikkel luistervaardighede en 'n mondelinge woordeskat. Kinders verstaan baie meer woorde as wat hulle kan sê en daarom is dit belangrik dat hulle baie verskillende woorde hoor. Kinders van laer-inkomste families hoor gewoonlik nie soveel taal as kinders van meer gegoede families nie. Daar word dikwels in negatiewe stellings met armer kinders gepraat en die meeste van die tyd hoor hulle kort instruksiesinne, byvoorbeeld: "Nee! Hou op! Moenie vat nie!"

Onderwysers van sulke kinders moet met hul leerders in positiewe volsinne praat en verrykende taal gebruik ten einde te help om hul mondelinge en aanvangstaal te verbeter.

Tydens hierdie ontwikkeling:

- hoor hulle stories
- sien hulle mense lees
- herhaal hulle interessante geluide
- hoor hulle verskille in klanke en woorde
- kan hulle meervoude hoor en stemtoon identifiseer.

## Hoe die meeste kinders leer lees

Kinders leer 'n taal deur waar te neem, te luister en met hul gesin te praat. Hoe meer daar met kinders gepraat word, hoe meer leer hulle. Hoe meer hulle toegelaat word om te praat, hoe meer selfversekerd word hulle in hul taalgebruik.

## 8 Hulle verstaan die alfabetbeginsel

Ten einde kinders in staat te stel om gedrukte woorde te lees, en later om woorde te spel, moet hulle begryp dat woorde uit die letters van die alfabet bestaan, en in 'n bepaalde volgorde of patroon gerangskik word om die klanke van Afrikaanse woorde weer te gee. Hulle word geleer dat die letters van die alfabet op hul eie geen betekenis het nie, maar dat wanneer letters met 'n fonemiese klank verbind word en aan ander klanke gekoppel word, hulle woorde maak wat betekenis het.

## 9 Hulle leer die klankreëls (fonetiese reëls)

Sodra kinders die vaardighede van klankbewustheid en begrip van die alfabet bemeester het, begin hulle die klank-letter-verhoudings van Afrikaans leer ken. Onderwysers moet hierdie reëls uitdruklik onderrig en geleentheid gee vir die oefen van dié reëls. Die doel is dat die kinders in staat sal wees om hul kennis van klanke te gebruik om nuwe en onbekende woorde uit te klank en woordherkenningstrategieë sal ontwikkel. Hoe meer selfversekerd hulle is oor hul vermoë om nuwe woorde te ontsyfer en te herken, hoe gouer sal hulle in staat wees om te lees, sodat hulle meer breinkrag daaraan kan skenk om die betekenis te volg van wat hulle lees.

## 10 Hulle ontwikkel 'n leeswoordeskat wat gelyk is aan hul mondelinge woordeskat

Slegs wanneer 'n kind 'n woord kan uitklank en betekenis aan 'n woord kan heg, begin hulle verstaan wat hulle lees.

Omdat ons hoor voordat ons praat, en praat voordat ons lees, beskik kinders oor 'n mondelinge woordeskat wat hulle in staat stel om te verstaan wat hulle gehoor het. Dit is hoekom hulle dit geniet om na stories te luister – omdat hulle dit kan verstaan en geniet. Woordeskatverwerwing beteken die aktiewe leer van 'n woord se betekenis en dan leer om die gedrukte woord te herken en te verbind met die woord wat reeds deel van hul mondelinge woordeskat is.

## 3 Hulle ontwikkel ekspressiewe taal


Wanneer kinders leer om die woorde wat hulle ken te sê, begin hulle om 'n betekenisvolle woordeskat op te bou. Dit is die woorde wat hulle gebruik om hulself uit te druk. Kinders moet toegelaat word om te praat en hul eie stories te vertel. Hulle moet aangemoedig word om vrae te stel en hardop te wonder oor die wêreld wat hulle ervaar. Op dié manier oefen hulle om te kommunikeer deur woorde te gebruik.

Tydens hierdie ontwikkeling:
- kan hulle hoor as 'n woord vir hulle nuut is
- kan hulle hoor as 'n woord verkeerd uitgespreek word
- praat hulle oor die storie of die prente in die storie
- vra hulle baie vrae
- herhaal hulle dele van die storie
- sing hulle liedjies en sê rympies op
- gebruik hulle toepaslike woordeskat en woordorde.

## 4 Hulle speel dat hulle lees en skryf

Om te speel dat hulle lees en skryf is 'n baie belangrike stadium in 'n kind se geletterdheidsontwikkeling. Deur te speel ontwikkel hulle 'n verbeelding. Verbeelding en voorgee is iets wat in elke kind aangemoedig moet word sodat hulle later hul eie stories kan skep en die stories wat hulle lees, kan geniet.

Tydens hierdie ontwikkeling:
- maak hulle verbindings tussen hul wêreld en wat in die wêreld van volwassenes gebeur
- maak hulle sin van wat lees en skryf behels
- teken en krabbel hulle en probeer so kommunikeer deur te "skryf".



## 5 Hulle ontwikkel ontluikende geletterdheidsvaardighede

Kinders sien dat die volwassenes rondom hulle lees en skryf gebruik om te kommunikeer en verstaan so dat dit waarde het. Hulle leer omtrent die begrip van gedrukte media en dat die woorde wat hulle hoor en sê, geskryf kan word. Hulle leer dat teks van links na regs gelees word en hoe om 'n boek vas te hou en die bladsye om te blaai.

Hulle leer die alfabet en hoe om die 26 simbole van die Afrikaanse taal te herken, te benoem en later te skryf. Hulle begin om die letters van hul naam te identifiseer en is later in staat om hul eie naam te skryf. Hulle herken die letters van die alfabet op padtekens, advertensieborde en in winkels en leer bekende woorde deur die vorm van die woord te herken.

Hulle leer hoe om woorde wat rym te identifiseer en hoe om woorde in lettergrepe te verdeel. Hulle besef dat prente anders is as gedrukte woorde.

## 6 Hulle moet baie stories hoor

Dit is belangrik dat kinders stories hoor – baie stories. Deur na stories te luister ervaar hulle die denkbeeldige wêrelde wat skrywers skep en word hulle blootgestel aan die struktuur van verhale. Ons breine is geprogrammeer om in stories te dink en daarom is dit 'n belangrike stap in hul ontwikkeling. Hulle moet aangemoedig word om betrokke te raak by die stories wat hulle hoor, om te voorspel wat gaan gebeur en om te sê of hulle die storie geniet het of nie. Om na 'n storie te luister moet 'n aangename aktiwiteit wees, sodat hulle uiteindelik leer dat die lees van 'n storie genotvol kan wees.

## 7 Hulle ontwikkel fonemiese bewustheid

Van 'n vroeë ouderdom kan kinders die verskil hoor tussen woorde wat baie eenders klink, byvoorbeeld "lig" en "lug". Dit is fonemiese bewustheid – die begrip dat die woorde wat jy sê in kleiner dele verdeel kan word genaamd foneme (/l/i/g/ en /l/u/g/) en dat indien jy 'n klank verander, jy 'n nuwe woord skep (/r/u/g/).

# Die belangrikheid van leesvlakke

Jou klas bestaan uit baie leerders wat die volgende na die klaskamer bring:

- verskillende ervaringe (hul bestaande kennis verskil dus)
- verskillende vlakke van mondelinge taal (hul mondelinge woordeskat en vermoë om te kommunikeer verskil dus)
- verskillende vlakke van motivering
- verskillende belangstellings.

Dit beteken dat een Leesboek of teks nie aan al jou leerders se behoeftes sal voldoen nie.

Dit beteken ook dat dit belangrik is om elke leerder te assesseer wanneer hulle die skooljaar begin, sodat jy ’n beter begrip kan hê van watter vlak van kennis en motivering hulle het ten einde hulle op die korrekte vlak te onderrig.

Hierdie assessering is belangrik selfs wanneer jy ’n klasbenadering tot die onderrig van lees volg eerder as ’n individuele, gegradeerde benadering.

## Wat is die korrekte vlak?

Tekste moet ’n balans bied tussen ondersteuning (om selfvertroue te bou) en uitdaging (wat vereis dat leerders nadink oor wat dit is wat hulle lees).

Navorsing dui daarop die korrekte vlak is waar die kind nege uit tien woorde kan lees en die teks maklik kan verstaan (Clay, 1991a).


Daar is drie universele leesvlakke vir onderrig wat geïdentifiseer kan word:

**Onderrigvlak:**

- Die kind het die hulp van ’n onderwyser of ’n goeie leser nodig om hierdie tekste te lees. Dié tekste help kinders om nuwe woorde te leer en vaardighede te oefen. Wanneer hulle hardop lees, behoort hulle met twee tot vyf woorde uit 100 te sukkel. Hulle behoort met 95% akkuraatheid te lees en behoort in staat te wees om 80% van eenvoudige geheue- en begripsvrae te beantwoord. Indien die teks op hierdie vlak te moeilik is, sal die leerders gefrustreerd begin voel en motivering verloor.

**Selfstandige vlak:**

- Die kind behoort hierdie materiaal maklik te vind om te lees. Wanneer hulle hardop lees, behoort hulle net te sukkel met een uit elke ongeveer 100 woorde en behoort in staat te wees om alle begripsvrae omtrent die storie te beantwoord. Hierdie tekste word gebruik vir lees vir plesier en selfstandige lees om selfvertroue te bou en ’n gevoel van bemeestering en genot te skep.



**Frustrasievlak:**

- Die kind sal hierdie teks te moeilik vind om te lees, selfs met ondersteuning. Wanneer hulle hardop lees, sal hulle sukkel met meer as vyf woorde uit 100. Hulle sal in staat wees om 70% of minder van die begripsvrae te beantwoord. Tekste op hierdie vlak moet vermy word.

90–95% van woorde kan gelees word = ’n kind se leesonderrigvlak

Tekste wat gebruik word vir gedeelde lees moet op die onderrigvlak wees, terwyl groepsbegeleide leesboeke op die selfstandige vlak moet wees, ten einde selfvertroue in jong lesers te ontwikkel.



# Die ses stadiums van leesontwikkeling

Jong kinders ontwikkel leesvaardighede as 'n deurlopende proses. Nie alle kinders kom van dieselfde huislike agtergrond nie en hulle kan dus nie skool op dieselfde plek op die ontwikkelingskontinuum begin nie. Kinders ontwikkel nie almal ewe vinnig nie en verskillende leerders sal dus op verskillende plekke op die kontinuum wees. Die vraag is dus: hoekom moet 'n onderwyser die verskillende stadiums van leesonderrig ken? Dit is sodat jy elke leerder kan assesseer en kan identifiseer waar op die kontinuum hulle is sodat jy kan beplan om aan hul individuele behoeftes te voldoen.

| Fase 1: Die pre-/voorbereidende leser | |
|---|---|
| • Gee voor om te lees<br>• Leer om 'n boek te hanteer en verstaan die begrip van gedrukte media<br>• Kan na stories luister en daarop reageer<br>• "Lees" prentboeke | • Vertel die storie met behulp van die prente<br>• Ken die letters van die alfabet<br>• Is bewus van gedrukte media in sy of haar omgewing |

| Fase 2: Die ontluikende leser | |
|---|---|
| • Leer letter-klank-verhoudings<br>• Verstaan die begrip van gedrukte media<br>• Verstaan dat teks van links na regs gelees word<br>• Behoort stories te hoor op 'n vlak hoër as waarby hulle betrokke kan raak, ten einde ryk natuurlike taal, taalpatrone en nuwe woorde te hoor | • Kan sommige woorde herken<br>• Lees saam wanneer bekende boeke gelees word<br>• Gebruik prente as aansporing om stories te vertel en oor te vertel<br>• Kan stories wat gehoor is in korrekte volgorde weergee |

| Fase 3: Die vroeë leser | |
|---|---|
| • Ken die meeste settername en klanke<br>• Begin om woorde uit te klank<br>• Kan baie eenvoudige en bekende teks lees – baie eenvoudige hoëfrekwensiewoorde of woorde wat maklik is om te ontsyfer<br>• Lees hardop wanneer leser op sy of haar eie lees<br>• Lees woord vir woord en nie vlot nie | • Kan algemene woorde herken<br>• Lees boeke op toepaslike vlak<br>• Gebruik prente om betekenis te gee<br>• Kan 'n eenvoudige storie oorvertel |


| Fase 4: Die ontwikkelende leser | |
|---|---|
| • Kan oorvertel wat in die begin, in die middel en aan die einde van die storie gebeur het<br>• Begin alle leestekens herken en wag toepaslik by leestekens<br>• Kan nuwe woorde ontsyfer<br>• Herken basiese sigwoordeskat en weet wat die woorde beteken<br>• Kan langer boeke lees en kan eie foute korrigeer<br>• Kan nie slegs letterlike vrae beantwoord nie, maar ook vrae wat meer redenasie verg | • Kan die boodskap agter 'n storie en oorsaak en gevolg identifiseer<br>• Begin teen 'n goeie tempo lees<br>• Kan stil lees<br>• Verbind woorde in frases in plaas daarvan om woord vir woord te lees<br>• Wag toepaslik by die einde van 'n sin<br>• Pas leestekenreëls toe |

| Fase 5: Die vroeë vlot leser | |
|---|---|
| • Kan leesstrategieë soos bestaande kennis gebruik om te help om betekenis te verleen<br>• Lees vlot ('n minimum van 60 woorde per minuut)<br>• Kan moeiliker vrae omtrent die teks beantwoord<br>• Ontsyfer betekenis deur 'n verskeidenheid van leesstrategieë te gebruik<br>• Het 'n goeie sigwoordeskat<br>• Gebruik leestekens om betekenis te help verleen | • Kan stil lees<br>• Leer uit wat gelees is<br>• Lees 'n verskeidenheid materiaal insluitend komplekse stories, boeke met hoofstukke en handboeke<br>• Begin om geïmpliseerde betekenis te verstaan<br>• Kan konsentreer en stil lees vir langer tye<br>• Kan plot en ontknoping identifiseer en dra kennis van die karakters |

| Fase 6: Die selfstandige leser | |
|---|---|
| • Lees vlot en met akkuraatheid<br>• Gebruik leesstrategieë onbewustelik om met begrip te lees | • Kan boeke met veelvuldige karakters en sienings lees<br>• Leesbegrip is beter as luisterbegrip |

# Die vyf vaardighede wat nodig is vir lees

Die meeste akademici stem saam dat daar vyf sleutelvaardighede is wat ’n kind nodig het om te kan lees. Hulle is:




Hoewel elkeen van hierdie vaardighede onderrig moet word, moet hulle saam onderrig word binne ’n betekenisvolle konteks, aangesien hulle saamwerk wanneer ons lees. Hulle moet nie as afsonderlike vaardighede onderrig word nie en een vaardigheid moet nie meer aandag ontvang as ’n ander een nie. Geletterdheid vereis ’n gebalanseerde benadering waar klankleer, begrip, woordherkenning, woordeskat en vlotheid gelyktydig onderrig word, sodat die vaardighede later saam gebruik kan word.

Dit is omdat geletterdheid ’n multigefasetteerde vaardigheid is, wat van die leerder vereis om die volgende te kan doen:


- te dekodeer (gebruik fonetiese kennis om ’n woord uit te klank)
- woorde uit te spreek en hardop te lees
- te kodeer (skryf) en woorde korrek te spel
- betekenis te skep uit tekste
- te skryf met betekenis
- dikwels inligting te begryp wat nie uitdruklik geskryf is nie, maar geïmpliseer is.





Uit *Oxford Storieboom Kom ons vier verjaardag!* Niefiksie Klanke Graad 2 Fase 5 Boek 10




Uit *Oxford Storieboom Waterdiere* Niefiksie Klanke Graad 2 Fase 6 Boek 16




Uit *Oxford Storieboom Die stukkende dak* Fase 7



Lekker dinge om te doen

1. Vertel die storie vir iemand anders.
2. Van wie in die storie het jy die meeste gehou? Hoekom?
3. Soek die prent in die storie waarvan jy die meeste hou. Hoekom is dit vir jou die mooiste prent?
4. Skryf vyf nuwe woorde uit die storie neer. Vind uit wat hulle beteken. Gebruik hierdie woorde soveel as wat jy kan.
5. Vertel van ’n tyd wanneer jy verlore was en wat jy gedoen het.

Uit *Ons word groot Pikkie jeuk* Vlak 3




Uit *Oxford Storieboom Dinge wat in die nag gebeur* Niefiksie Klanke Graad 2 Fase 8 Boek 36

# 1. Fonologiese en fonemiese bewustheid


Afrikaans is gebaseer op 'n alfabetiese stelsel, en kinders moet dus inligting ontleen aan letters (grafeme) en klanke (foneme) ten einde te kan lees en spel. Dit is hoekom fonologiese bewustheid 'n noodsaaklike vaardigheid vir lees (die dekodering van woorde) en skryf (die kodering van woorde) is.

Sodra 'n kind begin om gesproke woorde te herken en te gebruik, het hulle fonologiese bewustheid; dit is deel van mondelinge taal. Fonologiese bewustheid is die vermoë om die klanke wat in gesproke woorde gebruik word, te herken en te verander.

Fonologiese bewustheid is uiters belangrik vir lees en spel. Navorsing toon aan dat kinders wat sukkel met fonologiese bewustheid sukkel om te lees. Kinders kan die reëls van klankleer (fonetiek, kennis van letters en klanke) leer, maar sal sukkel om dié reëls te gebruik indien hulle nie fonologiese bewustheid het nie.

| Fonologiese bewustheid | Fonemiese bewustheid | Klankleer/fonetiek |
|---|---|---|
| • Fonologiese bewustheid is die vermoë om te besef dat woorde wat gehoor word en gedrukte woorde deur dieselfde klanke gevorm word.<br>• 'n Kind moet fonologiese bewustheid hê ten einde klankleer te kan gebruik. | • Fonemiese bewustheid is 'n deel van fonologiese bewustheid. Dit verwys slegs na wat jy hoor en nie na woorde in drukwerk nie.<br>• Fonemiese bewustheid fokus slegs op foneme en stel die kind in staat om klanke en woorde te hoor, te laat saamvloei, te verdeel en te manipuleer. | • Klankleer is die verhouding tussen klanke en die letters van die alfabet.<br>• Klankleer stel kinders in staat om te lees, te skryf en te spel. |

'n Woord wat gehoor word, kan op verskillende fonologiese bewustheidsvlakke benader word:



## Woordbewustheid

Leerders moet die begrip van wat ’n woord is, verstaan en dat die spraak wat hulle hoor, verdeel kan word in woorde met ’n begin en ’n einde.

Onderrig en toets die leerders dat die woorde in ’n sin geïsoleer kan word. Byvoorbeeld, laat leerders hande klap vir elke woord van ’n sin wat hulle sê.

- Dit sal hulle help om die verskil tussen ’n woord en ’n lettergreep te leer.
- Dit sal leerders help om die werk van funksiewoorde te begryp (woorde soos “die”, “en”, “of”) wat nie betekenis het nie, maar gebruik word om inhoudswoorde in ’n sin te verbind.

Woordbewustheid sal versterk word indien lesers die teks wat gelees word met hul vinger volg. Hulle sal die spasies tussen die woorde sien in die teks wat hulle lees.

Dit is hoekom daar dikwels oordrewe spasies tussen woorde in Leesboeke vir Vlak 1 tot 4 is.




Uit *Oxford Storieboom*
*Kom ons vier verjaardag!*
Niefiksie Klanke Graad 2
Fase 5 Boek 10

Ontwikkel woorddiskriminasievaardighede deur eenvoudige mondelinge speletjies met jou leerders te speel, byvoorbeeld: Watter woord pas nie: mat, pot, kat, rat? Antwoord: pot. Hoekom pas dit nie?

## Lettergreepbewustheid




Die meeste jong kinders is bewus dat woorde ritme het. Dit is lettergrepe, groepe klank wat saam ’n woord maak. Om op lettergrepe te fokus help leerders om op die struktuur van woorde te konsentreer.


Onderrig en toets leerders dat elke keer as hulle hul kakebeen laat sak wanneer hulle ’n woord sê, dit ’n lettergreep verteenwoordig. Jy kan jou leerders laat hande klap of hul koppe knik elke keer as hulle ’n woord in lettergrepe verdeel.

Lettergreepverdeling is wanneer jy jou klas ’n woord gee en hulle dit in lettergrepe moet verdeel, byvoorbeeld: leerder = leer/der.

’n Meer gevorderde aktiwiteit is die saamvloei van lettergrepe. Dit is wanneer jy jou klas lettergrepe gee en hulle die lettergrepe moet verbind om ’n woord te vorm, byvoorbeeld: leer/der = leerder.

Lettergreepbewustheid is baie belangrik later wanneer leerders begin skryf en spel.

## Rymbewustheid





Deur kinders te vra om te fokus op woorde wat rym, word daar van hulle verwag om te luister na die klanke *binne* ’n woord. Dit ondersteun die begrip van lettergrepe omdat dit die idee tuisbring dat ’n woord uit dele bestaan.

Om die begrip van rym te verstaan moet die leerder weet watter deel van die woord die rymklank bevat. Rym het nie betrekking op die begin- of eindklank nie, maar op die hele rym (die letters wat die gesproke rym verteenwoordig).

Om te begin moet die leerders kan sê watter woorde in ’n gedig of storie rym.

Indien jy jou leerders vra om rymende woorde te maak, onthou dat hulle toegelaat moet word om sinlose woorde te skep. Hul woordeskat is beperk en woordeskat is nie wat jy met hierdie aktiwiteit toets of ontwikkel nie. Deur leerders toe te laat om hul eie woorde te skep, maak jy dit ’n streslose aktiwiteit waar jy kan assesseer of hulle die korrekte rymklank geïdentifiseer het.

| sang | lang | wang |
|---|---|---|




’n Meer gevorderde vaardigheid is om rym te identifiseer indien die woord meer as een lettergreep het.

Die vermoë om te identifiseer waar die rymklank in ’n woord lê, vereis van die leerder om die woorde te kan verdeel in die beginklank en die rymklank, byvoorbeeld: m/op; h/op; t/op. Dit help leerders later wanneer hulle bekende groepe gebruik om ’n nuwe woord te lees, byvoorbeeld: “spring” en “fluit” sal hulle help om “spruit” te dekodeer en te lees.

Woorde kan verdeel word in **begin**- en **rymklank**. Alle klanke voor die vokaal word die beginklank genoem. Alle klanke ná die vokaal (insluitend die vokaal) word die rymklank genoem. Dit is hierdie klanke wat woordfamilies genoem word, byvoorbeeld:

| Woord | Beginklank | Rymklank |
|---|---|---|
| kat | k | at |
| mat | m | at |
| sak | s | ak |
| soek | s | oek |




Uit *Oxford Storieboom Graad 3 Werkboek*

## Fonemiese (klank-) bewustheid

Fonemiese bewustheid fokus op die klanke wat spraak vorm. Dit is dus die begrip dat spraak uit 'n reeks klanke bestaan en die vermoë om hierdie individuele klanke te herken en hoe hulle woorde vorm.


Die woord "sak" het drie klanke (foneme) wat, wanneer hulle saamgevoeg word, die woord "sak" vorm. Die foneme is /s/, /a/ en /k/. Die woord "soek" het ook drie klanke: /s/, /oe/ en /k/.

'n Vaardige leerder gebruik hul fonemiese bewustheid om uit te werk hoe 'n nuwe woord uitgespreek word, gebaseer op hul kennis van hoe 'n bekende woord uitgespreek word. Byvoorbeeld, die woord "sak" kan gebruik word om uit te werk hoe "soek" uitgespreek word: /s/ /oe/ /k/.


Leerders moet onderrig word en vaardigheid ontwikkel in verskillende fonemiese bewustheidsaktiwiteite, van die eenvoudige tot die moeilikste aktiwiteite.

Maklik → Moeilik

| Vaardigheid | Verduideliking | Voorbeeld |
|---|---|---|
| **Sinsverdeling** | Verdeel sinne in woorde | Klap jou hande of knik jou kop vir elke woord wat jy hoor. |
| **Woord- en klankherkenning** | Die vermoë om te identifiseer dat 'n woord of klank anders as 'n ander een is | Watter woord pas nie? "sap", "lap", "wag" |
| **Rym** | Pas woordeindes wat aan dieselfde woordfamilie behoort bymekaar | Watter woord rym met "sap"? "lap" |
| **Lettergreepverdeling** | Verdeling van woorde in lettergrepe | on / der / wy / ser = 4 lettergrepe |
| **Samestellings** | Die vermoë om woorde te herken wat samestellings vorm en om samestellings te verdeel en bymekaar te voeg | skool + bank = skoolbank |
| **Samevloeiing en verdeling van begin- en rymklank** | Verbind en verdeel die beginkonsonant (begin) en die klank wat die vokaal (rym) bevat | /s/ /ak/<br>/s/ /oek/ |
| **Fonemiese verdeling** | Die vermoë om elke klank in 'n woord te hoor | /s/ /i/ /t/ |
| **Foneemskrapping** | Die vermoë om te sê hoe 'n woord sal klink indien 'n klank geskrap word | Wat is "sit" sonder die /s/ klank? "it" |
| **Foneemmanipulasie** | Die vermoë om te sê hoe 'n woord sal klink indien 'n klank vervang, bygevoeg of verwyder word | Watter woord kry jy indien jy die /s/ met 'n /p/ vervang? "pit" |




Uit *Oxford Storieboom Graad 2 Werkboek*




Uit *Oxford Storieboom Graad 3 Onderwysersgids*

# 2. Klankleer (fonetiek)




Klankleer leer leerders dat sekere klanke verbind is met en verteenwoordig word deur sekere gedrukte letters van die alfabet. Leerders word vervolgens woordherkenningsvaardighede geleer, naamlik dat letters met mekaar verbind word om woorde te vorm. Dit is daarom baie belangrik dat jou leerders die beginsel van die alfabet verstaan.

## Die beginsel van die alfabet

In Afrikaans is die skryfstelsel gebaseer op die alfabetiese kode. Die begrip dat letters (grafeme) klanke (foneme) verteenwoordig, wat op hul beurt woorde vorm, word die alfabetiese beginsel genoem. Leerders moet verstaan dat die klanke van gesproke Afrikaans verteenwoordig word deur patrone van letters wat geskrewe Afrikaans vorm.

**Foneme** is die kleinste eenhede van klank binne woorde. Foneme word tussen / / geplaas om aan te dui dat ons na klank verwys, byvoorbeeld: /f/.

**Grafeme** is die letters en groepe letters wat hierdie klanke of foneme verteenwoordig, byvoorbeeld: “s” verteenwoordig die klank /s/ in die woord “sit”.

Die eerste stap is vir leerders om gemaklike gebruikers van die letters van die alfabet te word. Hulle moet in staat wees om die letters van die alfabet te kan:
- benoem
- sê
- skryf (beide kleinletters en hoofletters).

Hier is ’n paar idees hoe om jou leerders se alfabetiese kennis te verbeter:
- Sing alfabetliedjies of speel speletjies om swakker leerders in staat te stel om die res van die klas in te haal.
- Laat jou leerders die grafeme waarop hulle fokus, “skryf”.
- Verbind grafeme met foneeminstruksie – wanneer jou leerders die klank /d/ leer, laat hulle ook die letter “d” skryf.

### Aktiwiteit

Vra jou leerders om hul liggame te gebruik om die vorm van die “n” grafeem te maak. Hulle moet vooroor buk en een arm op die vloer plaas. Hulle moet die elmboog van die ander arm buig en die elmboog in die lug hou. Dit sal die klein lyntjie aan die linkerkant van die “n” verteenwoordig.




## Die onderrig van klank-letter-verhoudings

Daar is twee soorte klankleeronderrig: eksplisiet en implisiet.





**Eksplisiete klankleeronderrig** isoleer die klanke wat aan letters verbonde is en die klanke word verbind om ’n woord te vorm, byvoorbeeld leerders word die klanke /k/ /a/ /m/ /t/ geleer. Leerders kan dan hierdie geleerde klanke gebruik om woorde soos “kat”, “mat”, “tak” en “mak” te vorm.

**Implisiete klankleeronderrig** leer die klanke wat aan sekere letters gekoppel is binne die konteks van ’n volle woord. Met baie begeleiding, lees of sê leerders ’n woord en luister vir die fokusklank. Hierdie benadering versterk die idee van konteks aangesien leerders aangemoedig word om prente en konteks te gebruik om uit te werk wat die fokus van die klank kan wees.




As onderwyser is jy die beste toegerus om te besluit hoe vinnig nuwe klanke aan jou leerders bekendgestel kan word. Die kurrikulum gee egter wel leiding oor die tempo, en in sommige tale die volgorde, van bekendstelling. Die Graad 1 Vlak 1 tot 4 alfabetiese kode kan op die volgende bladsy gevind word.

# ’n Voorbeeld van ’n alfabetiese kode

| Klank en prent | Grafeem en voorbeeldwoord |
|---|---|
| /s/  | s- sokkie; -ss- jassie; s- selfoon |
| /a/  | a appel |
| /m/  | m- muis; -mm- emmer; -m oom |
| /t/  | t- tamatie; -tt- letter; -t mat |
| /h/  | h- hoor |
| /i/  | i- ink |
| /e/  | e- erg; -e- bed |
| /p/  | p- pot; -p sop |
| /n/  | n- nes; -n man |
| /o/  | o- olifant; -o- som |
| /k/  | k- kas; -k pak |
| /d/  | d- das; -d woord |

| Klank en prent | Grafeem en voorbeeldwoord |
|---|---|
| /g/  | g- gans; -g berg |
| /u/  | -u- lug |
| /f/  | f- fiets; -f wolf; v- vlieg |
| /l/  | l- lepel; -l bal |
| /r/  | r- rot; -r meer |
| /j/  | j- jas |
| /v/  | v- vuur |
| /w/  | w- wurm |
| /z/  | z- zoem |
| /sj/  | sj- sjimpansee |
| /oo/  | oo- oom; -oo- boot |
| /ee/  | ee- eet; -ee- lees |


## Hoe verskil klankleer (fonetiek) van fonemiese bewustheid?

Wanneer klankleer onderrig word, is die fokus op die onderrig van klanke en die herkenning van die spelling van die klanke. Klankleer berus dus op gedrukte media. Fonemiese bewustheid fokus op die klanke in gesproke woorde en hoe individuele klanke woorde vorm. Die meeste fonemiese bewustheidstake is dus mondelinge take. Daar is egter ’n sterk verband tussen klankleer en fonemiese bewustheid. Die leerder moet eers fonemiese bewustheid hê ten einde te verstaan dat geskrewe en gesproke woorde uit klanke bestaan, voordat hy of sy klankleer kan begryp, naamlik die verhouding tussen klanke en geskrewe woorde. Sonder die bewustheid dat ’n woord uit ’n reeks klanke bestaan, sal die leerder nie in staat wees om die onderrig van klankleer te begryp nie.

### NA JY GELEES HET

**Identifiseer die klanke in gesproke woorde**

- Om jou kind te help om eenvoudige woorde te spel sê die woorde baie stadig om al die klanke in die woord te kan identifiseer. Sê die volgende woorde stadig (elke woord het vier klanke) en vra jou kind om na die klanke te luister en dan te sê: *help; hond; klas; weke*. ’n Woord soos *storie* kan ook in twee helftes gespel word: s-t-o; r-i-e.


Lees

Formele assesseringsaktiwiteite

Aktiwiteit 1

Aktiwiteit 2

Aktiwiteit 1

Aktiwiteit 2

Aktiwiteit 1

## Hoe klankleer leerders help lees

Hoe Afrikaanse woorde gesê word, is nie altyd hoe hulle gespel word nie, byvoorbeeld “kamer” en “hondjie” word beide met die /k/ klank uitgespreek, maar die “k” grafeem is nie teenwoordig in die woord “hondjie” nie. Klankleer leer leerders die korrekte klank selfs indien die grafeem nie in die geskrewe woord voorkom nie.

Goeie lesers kan vir bekende letterpatrone soek wanneer hulle ’n onbekende woord teëkom. Dit word woordfamilies genoem, “uitspreekbare woorddele” (Gunning, 1995) of “groepering”.

Kinders leer op hul eie dat hierdie klanke (foneme)

- geïsoleerd
- verdeel
- saamgevloei (bymekaar gevoeg)
- vervang
- geskrap kan word.

### WAT IS SAMEVLOEIING?

Om te lees (dekodering) sê die klanke in ’n woord van links na regs en voeg die klanke saam om ’n hele woord te sê.

**Hoe om saam te vloei (bymekaar te voeg)**

Wys met jou vinger na elke letter of lettergroep as jy die klank sê. Wys na die hele woord as jy die saamgevloeide woord sê.

Bv. **sj-a-m-p-oe sjampoe**


Inleiding

Kyk na die prentjie. Beantwoord die vrae deur die sinne klaar te maak.

1. Wat sien jy?
Ek ______
2. Is dit ’n groot boom?
Die boom ______
3. Het die boom blare?
Die boom ______
4. Kan ons onder die boom sit?
Ons kan ______

Maak die volgende sinne reg.

1. kas kat eet Die sy
2. die Ons skool leer in
3. my boek Ek lees

Teken die tabel in jou skryfboek. Maak nog twee woorde met dieselfde eindklank in elke ry. Skryf die woorde in jou skryfboek.

| -aai | -ooi | -oei | -eeu |
|---|---|---|---|
| saai | gooi | broei | spreeu |
| ___ | ___ | ___ | ___ |
| ___ | ___ | ___ | ___ |

1

Fase 6

Die doel is dat die leerder woorde outomaties sal leer en dit nie meer nodig sal vind om woorde uit te klank nie. Dit word woordherkenning genoem. Daar moet op woorde en klanke gefokus word voordat leerders hulle vir die eerste maal in ’n storie teëkom. Dit stel die leerders in staat om die woord te herken binne die konteks van ’n betekenisvolle teks en die woord buite hierdie konteks te herken wanneer die woord op sy eie staan.


## Woordherkenning

’n Leerder met ’n ontwikkelde mondelinge taalvaardigheid sal gehoorde woorde herken en miskien hierdie woorde in sy of haar eie spraak gebruik. Soos leerders leer omtrent gedrukte media en betrokke raak by gedrukte woorde, is die doel dat hulle bekende mondelinge woorde met hul gedrukte weergawe sal verbind en sal begin om die woorde outomaties te herken. Terwyl hulle hierdie vaardigheid (outomatisme) ontwikkel, sal leerders dit nodig vind om die woorde wat hulle sien uit te klank ten einde die woorde te lees. Dit word dekodering genoem. Wanneer hulle ’n woord korrek gelees en gesê het, kan hulle die geleesde woord verbind met een in hul mondelinge woordeskat en weet wat die woord beteken. Die doel is dat die leerder uiteindelik die woord outomaties sal herken en dit nie meer nodig sal wees om dit uit te klank nie. Hoe meer woorde hulle kan herken, hoe minder breinkrag sal dit van hulle verg om te lees, hoe vinniger sal hulle kan lees (vlotheid) en hoe beter sal hulle begryp wat hulle gelees het (begrip).

Woordherkenning begin met letterherkenning en dit is sterk gekoppel aan visuele diskriminasie. Byvoorbeeld, hoe is “b” anders as “d” en “p”?

Onderrig jou leerders dat die woorde wat hulle hoor en sê, pas by letterpatrone wat gewoonlik voorspelbaar is, byvoorbeeld die lang /aa/ klank in “maan” en “gaan”, maar dat Afrikaans baie uitsonderings het, byvoorbeeld “kamer”.

Gebruik werkbladsye soos hierdie voorbeeld om leerders te help wat sukkel met letterherkenning.




Die volgende is ’n paar strategieë om woordherkenning te ontwikkel:

- Dekodering – klank die woord uit. Laat die leerders die woord in elke individuele klank verdeel. Wanneer hulle dit korrek gedoen het, kan hulle die klanke laat saamvloei in ’n woord en dit hardop sê.
- Herken lettergroepe en -patrone: Laat die leerders enige lettergroepe wat hulle ken, uitwys, byvoorbeeld /an/ in “man”, “land” en “hand”.
- Herken algemene woordeindes (agtervoegsels): Leer leerders om algemene eindes te identifiseer, byvoorbeeld “-tjie”, “-ing” en “-lik”.
- Herken algemene woordbeginvorme (voorvoegsels): Leer leerders om algemene beginvorme te identifiseer, byvoorbeeld “ge-“, “on-“ en “ver-“.
- Herken lettergreeppatrone: ’n Ontwikkelde leerder moet in staat wees om ’n lettergreep as ’n patroon op sigself te herken en dit outomaties as ’n enkele klank uit te spreek. Byvoorbeeld, /oe/ + /k/ = /oek/ in “boek” en “boeke” maak dit makliker om “boekie” te dekodeer.


**Dekodeerbare woorde**

Om woorde te dekodeer beteken om ’n woord te verdeel (dit in individuele klanke te verdeel) en dan die klanke saam te vloei om die woord uit te spreek.

Woorde is dekodeerbaar omdat hulle die reëls van klankleer volg. Dit beteken dat hulle gespel word soos wat hulle klank, byvoorbeeld “mans” = /m/ /a/ /n/ /s/.

Die probleem is dat vir elke reël daar woorde in Afrikaans is wat nie die reël volg nie, byvoorbeeld “gans” waar die /n/ klank genasaleer word.

Dit is hoekom leerders geleer word om woorde wat nie dekodeerbaar is nie te herken en te sê. Dit word sigwoorde genoem.



**Sigwoorde**

**Voorbeelde van sigwoorde**

word

papegaai

e-pos

’n Sigwoord is ’n woord wat nie die reëls van klankleer, spelling of die ses soorte lettergrepe volg nie.

Hierdie woorde moet onderrig en geleer word sodat hulle onmiddellik deur die leerder herken word. Hoe meer woorde op sig herken word, hoe minder breinkrag is nodig om onbekende woorde te dekodeer. Dit beteken dat die leerder met meer akkuraatheid kan lees (met minder foute) en met meer vlotheid (teen ’n goeie tempo), sodat die leerder meer breinkrag beskikbaar het om die betekenis te volg van wat hy of sy lees (begrip).

’n Sigwoord is nie noodwendig ’n woord wat die kind dikwels sal lees nie; dit is eenvoudig ’n woord wat nie dekodeerbaar is nie. ’n Sigwoord kan egter ook ’n hoëfrekwensiewoord wees.

**Hoëfrekwensiewoorde**

Sommige woorde verskyn dikwels in teks, wat hulle hoëfrekwensiewoorde maak. Hierdie woorde kan dekodeerbaar wees of nie, maar dit is belangrik dat die leerder hulle herken want dit sal die leerder help om vlotter en met beter begrip te lees.

Dikwels sal jy ’n hoëfrekwensiewoord vir die leerders moet aanleer omdat dit in ’n Leesboek verskyn, maar klanke bevat wat jou klas nog nie geleer het nie. Dit is nie ’n probleem nie, want dit is belangriker dat jou leerders die nuwe woord leer want dit sal dikwels verskyn in wat hulle lees. Indien jy wag totdat hulle daardie spesifieke klankreël ken en verstaan, frustreer jy leerders wat selfstandig wil lees en leerders wat sukkel om te lees.

**Hoe om klankleer te onderrig**

Die onderrig van klankleer moet gefokus en doelgerig wees.

**Stap 1:** Verduidelik die klank-spelling-verhouding.

↓


**Stap 2:** Laat jou leerders toe om voorbeeldwoorde uit te klank en die fokusklank te laat saamvloei in woorde wat hulle ken.

↓

**Stap 3:** Lees woorde wat die fokusklank bevat in betekenisvolle tekste waarin die voorbeeldwoorde voorkom.

Dit is baie belangrik dat leerders die nuwe klank toepas deur te sien dat dit in ’n konteks gebruik word sodat woordherkenning en woordeskat uitgebou kan word.

Sonder Stap 3 sal leerders nie die relevansie van die klankaktiwiteit verstaan nie en eenvoudig die klank herhaal omdat jy hulle vra om dit te doen en hulle sal nie gemotiveer wees om die fokusklank en die klank-spelling-verhouding te leer nie.



**SIGWOORDE EN HOËFREKWENSIE-WOORDE (Graad 1)**

**Fase 1**

Wip-Wap-prente: Biebie, Kalla, Vlooi, Pappa, Mamma, Flappie, Wim, Wilma, en, die, ’n

**Fase 2**

**Fase 3**

**Fase 4**

111

# 3. Vlotheid

## Wat is vlotheid?

Vlotheid is die vermoë om teen 'n goeie tempo en met gevoel te lees, sonder om te veel foute te maak. Wanneer 'n leser vlot kan lees, is hy of sy beter in staat om te begryp wat hulle gelees het. Dit is omdat hulle nie tyd en breinkrag gebruik om te besluit wat elke woord is en hoe om dit te sê nie.

## Stappe om vlot te lees

Omdat jy beter raak met iets hoe meer jy dit doen, moet kinders dikwels lees, sowel vir verskillende redes as verskillende soorte teks. Hulle moet ook die tekste herlees sodat hulle dieselfde woorde, frasering en leestekens oefen totdat hulle dit vlot kan lees.

Laat die herlees van 'n teks pret en kreatief wees. Lees die teks met verskillende stemtone en verskillende tempo's. Lees die teks eers baie stadig of baie vinnig; jou klas sal dit snaaks vind en dit sal hulle help om te besef hoe die teks gelees moet word. Laat jou klas besluit watter emosie of karakter hulle wil hê jy moet gebruik wanneer jy lees. Byvoorbeeld: treurig, verspot, soos 'n monster, reus, feetjie, baba, ens.

### Gee 'n voorbeeld van vlot lees

'n Kind leer hoe 'n goeie leser klink wanneer hulle dit hoor. Dit is hoekom dit belangrik is dat leerders 'n voorbeeld van vlot lees hoor en dat hulle aangemoedig word om dit wat hulle hoor na te boots.

Veral sukkelende lesers sal baat vind by **eggo-lees**: dit is wanneer die onderwyser 'n paar woorde lees en die leerder dié woorde herhaal of eggo.

Deur te luister na iemand wat goed en vlot lees, leer die leerders:

- hoe 'n leser se stem kan help om sin te maak van die geskrewe teks
- hoe om leestekens te gebruik om die teks makliker te maak om te begryp
- hoe om die teks te laat leef en pret te maak om te lees.

### Moedig herhaalde lees aan


Nadat 'n voorbeeld van vlot lees gegee is, moet die lesers die teks weer lees. Dit word herhaalde lees genoem. Die lees van die teks vier maal behoort genoeg te wees om die leerders se vlotheid te verbeter, maar baie kan bereik word deur die leerders 'n teks te laat herlees totdat hulle dit kan lees sonder om enige foute te maak.

- 'n Ander vaardigheid kan met elke herlees onderrig of geoefen word, byvoorbeeld, jy kan fokus op leestekens, byvoeglike naamwoorde, ens.
- Herlees help leerders om hul begrip van die teks te verdiep.
- Herlees verbeter die leerders se woordherkenning (akkuraatheid) en woordeskat.


**Lees met gevoel beteken ag slaan op enige leestekens wat gebruik word.**




**= stem gaan op**



**= stem word harder of meer opgewonde**



**= lang pouse**



**= kort pouse**

**Gedeelde lees** en dan **begeleide lees** sorg outomaties vir die herlees van ’n teks. Tydens hierdie proses, maak seker dat jy

- enige nuwe woorde onderrig
- oefen om hierdie woorde te lees en verduidelik wat hulle beteken
- die woorde saam met jou leerders lees so veel kere as moontlik en in verskillende kontekste (storieteks, gedig, niefiksieteks, ens.).

**Akkuraatheid** is ’n baie belangrike deel van vlot lees en ontwikkel wanneer leerders basiese woorde kan herken. Leerders moet geleenthede gebied word en op ’n daaglikse basis tyd bestee om te leer om woorde akkuraat te lees.

Leerders moet nie gedwing word om vinniger te lees voordat hulle gereed is nie, aangesien dit hulle aanmoedig om woorde te raai eerder as om op akkurate lees te fokus.

**Onderrigstrategieë wat jy kan gebruik**
Verskeie onderrigstrategieë kan gebruik word om vlotheid te ontwikkel.

**Koorlees:** Die onderwyser lees hardop saam met die klas. Kies ’n boek wat nie te lank is nie en wat vir die meeste leerders op die selfstandige vlak is. Koorlees laat die leerder toe om die onderwyser se tempo te volg, ’n voorbeeld te hê, en terselfdertyd te oefen om hardop te lees. Die onderwyser het dan die geleentheid om:

- te stop en vrae te vra
- die leesmateriaal te verduidelik
- die woordeskat te identifiseer en te bespreek
- seker te maak dat almal deelneem.

Leerders wat nie so goed vaar nie, mag sukkel om by die tempo te hou, maar hulle sal daarby baat om te hoor hoe woorde akkuraat gelees word, korrek uitgespreek word en teen die korrekte tempo gelees word. Deur die boek saam met die res van die klas te herlees, sal hulle meer selfvertroue in hul leesvermoë ontwikkel wanneer hulle die woorde herken. Dit sal daartoe lei dat hulle uiteindelik in staat sal wees om die teks op hul eie te lees.

**Invul-lees:** Die onderwyser lees hardop en die leerders volg en lees stil. Elke nou en dan laat die onderwyser ’n belangrike inhoudswoord uit en die leerders moet dit invul deur dit hardop te lees. Invul-lees gee die leerders nie baie geleentheid vir mondelinge lees nie, maar dit is ’n alternatief vir leerders wat moontlik skaam is om beurte te neem om hardop te lees. Hoewel minder bekwame leerders mag sukkel om by te hou, sal hulle nie uitgesonderd voel nie en hulle sal baat vind daarby om te luister na ’n voorbeeld van goeie leesvaardigheid.

**Lees in pare:** Pare kan bestaan uit vlotter lesers saam met minder vlot lesers. Die meer bekwame leser kan die teks voorlees en die minder vlot leser kan dan volg deur die teks hardop te lees.

- Die vlot leser lees eers die stuk voor, teen ’n goeie tempo en met gevoel.
- Die minder vlot leser lees dan die stuk met die hulp en begeleiding van die vlot leser, wat ondersteuning en lof gee.
- Dit is belangrik dat die vlot leser die minder vlot leser onmiddellike en opbouende terugvoering gee wat hom of haar sal motiveer om die stuk weer te lees.

Indien dit nie moontlik is om ’n vlotter leser met ’n minder vlot leser te kombineer nie, kan twee lesers met soortgelyke vaardigheid saamlees nadat die onderwyser instruksie gegee het. Die lesers kan dan oefen om die teks te herlees nadat hulle geluister het hoe die onderwyser dit voorlees.

## Help skep ’n huisomgewing vir lees


Dit is belangrik dat ouers en versorgers aangemoedig word om tuis vir die leerders te lees. Die leerders moet soveel moontlik voorbeelde van vlot lees as moontlik hoor. Lees moet gesien word as ’n belangrike vaardigheid wat gewaardeer word en waarde in die huis het.

Laat jou leerders toe om hul Leesboeke huis toe te neem sodat hulle wat hulle geleer het met hul gesinne kan deel.

## Lees met ’n klankopname van die teks

Indien jy nie gemaklik voel om die teks voor te lees nie, maak gebruik van ’n opname van die teks wat nie enige klankeffekte of musiek insluit nie. Dit moet op die leerdervlak van die selfstandige leser wees.

- Speel die oudio-opname regdeur sonder om te stop sodat die leerder die storie as ’n geheel kan geniet.
- Laat die leerder die opname volg deur elke woord in die teks met hul vinger te volg.
- Vervolgens moet die leerder met die opname probeer saamlees.
- Laat die leerder toe om met die opname saam te lees totdat die teks selfstandig gelees kan word, sonder enige ondersteuning van die klankopname.



# 4. Woordeskat

## Hoekom is woordeskat so belangrik?

Die doelwit van lees is om te verstaan wat gelees word (begrip). Om te verstaan wat hulle gelees het, moet kinders weet wat elke woord beteken of kan aflei wat 'n woord mag beteken binne konteks. Hierdie voorraad van woordkennis is die woordeskat en word gestoor in ons langtermyngeheue.


Wanneer ons aanvanklik 'n nuwe woord teëkom, word die woord en wat dit beteken in ons aktiewe werkgeheue gestoor. 'n Graad 1-kind het die werkgeheue van omtrent een minuut. So, die oomblik wat hulle aan iets anders dink, is die woord en die betekenis daarvan weg. Vir 'n woord om onthou te word, moet kinders dit ten minste tien keer teëkom voordat dit na hulle langtermyngeheue beweeg. Hoe meer woorde in die langtermyngeheue gestoor word, hoe meer vlot, akkuraat en met meer begrip sal kinders kan lees.

Om effektief te wees moet die woordeskat wat aangebied word, gekoppel word aan die kind se kurrikulum en kommunikatiewe behoeftes.

## Die woordeskatgaping

Kinders kom skool toe met uiteenlopende woordeskatvlakke omdat hulle van verskillende agtergronde kom. Elke Graad 1-kind kom skool toe met die bevoegdheid om hul Huistaal te praat en te verstaan. Hierdie mondelinge woordeskat word die **ekspressiewe woordeskat** genoem omdat jy dit gebruik om jouself mee uit te druk.

Soos kinders leer dat die woorde wat hulle sê ook geskryf en gelees kan word, begin hulle hierdie ekspressiewe woordeskat met gedrukte woorde verbind. Dit word die **reseptiewe woordeskat** genoem en verwys na woorde wat jy kan lees, skryf en die betekenis van ken.




**Woordeskat**

Leerders ontwikkel hul woordeskat deur te lees en deur te luister wanneer iemand anders aan hulle voorlees. Hoe meer woorde hulle ken, hoe makliker is dit vir hulle om die betekenis van woorde vanaf hul konteks uit te werk. Leerders se woordeskat kan op die volgende wyses ontwikkel word:

- Maak seker dat u leerders gereeld geleentheid kry om self te lees en, na teks wat aan hulle voorgelees word, te luister.
- Lees gereeld hardop voor aan die leerders, stel hulle bekend aan nuwe woordeskat deur te stop by vreemde woorde en dit aan hulle te verduidelik.
- Laat die leerders toe om op gereelde tye onafhanklik te lees.
- Onderrig tydens elke sessie van voorlees, begeleide groeplees en skryfwerk ten minste ses nuwe woorde uit die teks.
- Onderrig woordeskat as volg:
  - Verduidelik en/of demonstreer die betekenis van die word met 'n eenvoudige definisie, 'n aksie, 'n prent of 'n beskrywing.
  - Gee voorbeelde van die woord in sinne.
  - Vra die leerders om die woord hardop te sê en te gebruik.
  - Bring die nuwe woorde met hul betekenisse aan op 'n muurkaart.

Uit *Oxford Storieboom Graad 1 Werkboek*



**Die aanbieding van Gedeelde Leessessies met *Die gemaskerde skoenmakers van Om***

***Woordeskat (Die gemaskerde skoenmakers van Om)***

**Voorbeelde van doeltreffende vraagstelling**

Uit *Oxford Storieboom Dinge wat in die nag gebeur* Klanke Niefiksie Graad 2 Fase 8 Boek 36



**Lekker dinge om te doen**

1. Het jy van die storie gehou?
2. Vertel die storie vir iemand by die huis.
3. Skryf die nuwe woorde in jou boek neer.
4. Teken prente van die nuwe woorde.
5. Hoekom is dit belangrik om mense goed te behandel? Praat oor maniere hoe jy vreemdelinge welkom kan laat voel.
6. Vertel hoe jy sal voel as jy nie welkom in 'n nuwe plek is nie.

Uit *Oxford Storieboom Graad 2 Werkboek*

## Wat navorsing ons leer

Die doelwit van lees is begrip, en sonder 'n woordeskat kan daar nie begrip wees nie. Woordeskat moet daarom aktief onderrig en verwerf word. Die lys wat volg, is 'n opsomming van wat onlangs in woordeskatnavorsing bewys is:

- Kinders moet 'n woord baie kere (tussen vyf tot sestien keer) teëkom voordat hulle dit leer.
- Hierdie ontmoetings moet binne 'n betekenisvolle konteks (en nie in lysvorm) plaasvind (nie) – konteks help 'n leerder om 'n woord met sy betekenis te assosieer.
- Woorde word die beste op mondelinge vlak (deur te praat) voorgestel voordat hulle gelees word.
- Nuwe woorde word die beste geleer as hulle verband hou met 'n tema of storie aangesien dit deel vorm van 'n konteks.
- Woorde word die beste geleer as hulle gekoppel word aan dinge wat die leerder klaar weet.
- Dit is makliker om 'n woord te leer as dit deel van 'n sin is wat die leerder klaar ken.
- Die aanleer van 'n nuwe woord moet 'n aktiewe oefening wees.

Onderwysers in die Grondslagfase kan baie doen om 'n leerder se woordeskat te verbeter. Sodoende verbeter die leerder se begrip ook.

## Wat jy kan doen om leerders se woordeskat te bou

### Lees vir die klas

Lees gereeld en lees verskillende genres. Hierdie lees is lekkerlees waar jy hardop vir die klas lees vir pure genot. Hierdie sal nie net help om 'n liefde vir boeke en lees te kweek nie, maar sal ook geleenthede skep waar jou klas nuwe woorde binne die konteks van 'n storie of tema kan hoor. Kies boeke met 'n natuurlike toon wat geskryf is in verrykende taal.

### Kry jou klas aan die lees

Hoe meer woorde hulle lees, hoe meer selfvertroue sal hulle hê om te lees. Herhaalde leeswerk sal help om nuwe woorde vanaf die korttermyngeheue na die langtermyngeheue te skuif.

Maak vergunning vir foute en probeerslae. Moedig jou klas aan om stories oor te vertel en te deel wat hulle van 'n storie gedink het.

### Praat met jou klas

Kinders leer nuwe woorde deur nuwe woorde te hoor. Hulle is van nature nuuskierig en sal daarom wil weet wat 'n woord beteken. Nadat hulle 'n nuwe woord 'n paar keer gehoor het, sal hulle dit begin gebruik.

- Praat met jou klas, gebruik ryk en betekenisvolle taal.
- Verduidelik altyd die konteks en rede waarom jy iets sê of doen.
- Praat in volsinne.

### Kry jou klas aan die praat

Dit mag wees dat jy kinders onderrig wat nie aangemoedig word om by die huis te praat nie. Hierdie kinders mag dalk nie genoeg oefening kry om hul mondelinge taal genoeg te ontwikkel nie.

Laat jou klas toe om die krag van taal te ontdek:

- Moedig jou leerders aan om te verduidelik wat hulle dink.
- Spoor jou leerders aan om in volsinne te antwoord en hul antwoorde te verduidelik.
- Help hulle om hul gedagtes te ondersoek en idees te koppel.
- Kies 'n woord vir die week en moedig jou klas aan om hierdie woord so gereeld as moontlik in volsinne en die regte konteks te gebruik.

### Kry die gesin betrokke

Jou leerders het baie ondersteuning nodig om te presteer en gemotiveerd te bly. Die huis moet 'n plek wees waar geletterdheid waarde het en hulle dít wat hulle by die skool leer, kan verken.

- Probeer om die hele klas te kry om sekere televisieprogramme te kyk. Die klas het dan 'n gemeenskaplike ondervinding om oor te praat. Hulle was dan blootgestel aan gesproke taal in die huis en kan praat oor wat hulle saam met hul gesin gekyk het.
- Gee hulle huiswerk wat interaktief is en volwasse betrokkenheid vereis. Dít sal volwassene-tot-kind gesprekke en ouerlike ondersteuning aanmoedig.

### Bou woordbewustheid

Kinders neem daagliks baie nuwe inligting in. Dit is dus 'n goeie idee om hulle te leer om 'n nuwe woord te hoor en dit dan te wil leer (intrinsieke motivering). Bou woordbewustheid deur jou klas toe te laat om met taal te speel:

- Speel woordspeletjies.
- Sing liedjies en rympies.
- Maak sinlose woorde op wat rym. Dit sal jou klas toelaat om elemente van die nuwe woord te herken.
- Baie leerders leer beter as hulle 'n fisiese aksie kan koppel met dit wat hulle doen.
- Kies 'n woord van die week en die klas kan hande klap wanneer hulle die woord hoor.
- Hou woordkompetisies: kies meer as een fokuswoord. Elke keer wat 'n leerder 'n fokuswoord gebruik of hoor, kry die woord 'n regmerkie. Die leerders sal dit geniet om te sien watter woord wen.
- Laat jou klas die betekenis van woorde of frases rolspeel, soos byvoorbeeld, “Ek is siek” of “Wees versigtig!”
- As deel van hul skryfaktiwiteite, vra die leerders om te teken wat hulle dink 'n woord beteken.
- Vra leerders of hulle weet van 'n woord wat dieselfde beteken as 'n ander woord, byvoorbeeld “hop” en “spring”. Dít sal die konsep van sinonieme voorstel.
- Moedig jou klas aan om te deel wat 'n woord in hul Addisionele Taal beteken. Dit sal toegevoegde tweetaligheid ondersteun.
- Skryf eenvoudige sinne op die bord. Laat woorde uit en vra die klas watter woord ontbreek.

## Kies watter woorde jy onderrig

Omdat onderrigtyd beperk is, is dit beter om jouself hierdie vrae oor 'n woord te vra voordat jy besluit om daarop te fokus:

1. Hoe belangrik of nuttig is hierdie woord vir my klas op akademiese vlak (Kognitiewe Akademiese Taalvaardigheid) sowel as vir alledaagse kommunikasie (Basiese Interpersoonlike Kommunikasievaardighede)?
2. Hoe gereeld sal my klas hierdie woord hoor of lees?
3. Hoe maklik kan ek hierdie woord verduidelik?
4. Is hierdie woord gekoppel aan my klas se bekende omgewing? (Is daar 'n verwantskap met die woord en iets wat reeds bekend is aan die leerder?)

## Kies hoe jy die woord sal onderrig

- Verduidelik of definieer die woord deur woorde te gebruik wat klaar bekend is aan die leerders. (Moenie 'n ander nuwe woord bekend stel wanneer 'n besondere nuwe woord verduidelik word nie.)
- Waar moontlik, wys vir die leerders 'n prent wat die woord verduidelik. (Kinders dink in prentjies aangesien woorde steeds vir hulle nuut is.) Gebruik flitskaarte, prente en plakkate wanneer nuwe woorde geleer word.
- Maak gebruik van gebeurtenisse of ervarings wat leerders toelaat om woorde te konsolideer in verskillende kontekste. Byvoorbeeld, as jy praat oor vervoer, gebruik die geleentheid om te praat oor die kleur van die voertuie op die plakkaat. Bring dit in ooreenkoms met leerders se persoonlike ervaring en vra wie se ouer 'n blou kar bestuur. Hierdie tipe onderrig sal die leerders help om konneksies te maak.
- Vra jou klas of hulle die nuwe woord in 'n ander konteks of situasie kan gebruik.
- Probeer 'n ander storie of boek vind wat die nuwe fokuswoord gebruik. Help jou leerders om te verstaan wat die woord in 'n nuwe konteks beteken.

# Gefokusde woordeskatonderrig

Stop en fokus op nuwe woorde wat nie deel van jou klas se alledaagse lewe is nie.


## Skep 'n woord-/taalryke klaskamer

Baie kinders word nie by die huis aan boeke blootgestel nie en die klaskamer moet dus hierdie gaping vul:

- Merk voorwerpe in die klaskamer.
- Maak 'n tema-tafel met byskrifte.
- Sit plakkate op. As die plakkaat nie byskrifte het nie, skryf sleutelwoorde daarop en koppel dit aan die voorwerpe op die plakkaat met wol of tou. Om toegevoegde tweetaligheid te bevorder, maak hierdie byskrifte in beide tale waarin jy klasgee.
- Maak 'n woordmuur. Woordmure groei deur die loop van die jaar en is dus 'n goeie visuele voorstelling van hoe baie woorde al onderrig en geleer is. Die woorde moet op die muur bly sodat leerders na die muur kan verwys om hul spelling en gebruik daarvan te kontroleer. Kies self hoe jy jou woordmuur wil organiseer – dit kan alfabeties of volgens tema georganiseer word.
- Maak 'n boekhoek of klasbiblioteek. Dit is 'n spesiale plek in jou klaskamer waar leerders stil kan sit en 'n boek kies om te lees. Dit is baie belangrik, veral as jou skool nie 'n biblioteek het nie. Vra ouers om boeke vir jou boekhoek te skenk. Die boeke moet op of onder die onafhanklike vlak wees en leerders moet aangemoedig word om hierdie boeke vir genot of stillees te lees.
- Sit prentjies of skryfwerk wat jou klas gedoen het teen die muur. Dit sal die leerders motiveer om hulle werk te wil vertoon en sal hulle help om eienaarskap van die klaskamer te ervaar.

## Nuwe woorde: moddergat *en* modderbad

1. Ken enigiemand die woord "moddergat"? Watter ander woord klink soos gat? Wat van "bad"? Of "vat"?
2. Kom ons kyk na die prentjie. Kan die prentjies ons help om uit te werk wat die woord "moddergat" beteken?
3. Wat doen Pikkie in die eerste prent? Hy vat 'n modderbad. En in die tweede prent? Hy skud hom droog.
4. Waar bad Pikkie? In die moddergat.
5. Saam met wie bad Pikkie? Vlakvark.
6. Kom ons skryf hierdie woorde op die bord. moddergat; modderbad
7. Watter deel van die twee woorde is dieselfde? Modder
8. Dink jy die modderbad gaan vir Pikkie se jeuk help? Nee, toe sy lyf droog is, begin hy weer krap.
9. Wie kan vir my woorde gee wat julle dink beskryf hoe Pikkie mag voel?
10. Waar is hy? Is hy onder die grond of bo-op die grond?
11. Weet enigiemand wat hierdie diertjie genoem word?




Uit *Ons word groot Pikkie jeuk* Vlak 3

## Leer leerders om woorde self te verken

Teen die einde van Graad 3 is die doel vir leerders om strategieë te gebruik wanneer hulle ’n nuwe woord waarvan hulle nie die betekenis ken nie, teëkom. Vir die leerders om egter hierdie strategieë te wil gebruik, moet hulle van nature nuuskierig wees en die woord se betekenis wíl ken en onthou. Sit hierdie nuuskierigheid aan die gang deur hulle te help om krities te dink oor die woorde wat hulle teëkom.

- Vra of die nuwe woord klink soos ’n ander woord wat hulle ken. Laat hulle die fokuswoord uitspreek en sê hoe dit eenders of anders as ’n ander woord is, byvoorbeeld “leen” en “leun”. Dit sal hulle help om die woord beter te identifiseer wanneer hulle dit lees, aangesien hulle gefokus het op die fonologiese samestelling van die nuwe woord.
- Bring hulle aandag na die manier waarop ’n woord gespel word. Dit sal die reëls van klanke versterk, iets wat hulle sal help om beter skrywers te wees aangesien hulle minder aandag aan spelling hoef te wy.
- Vra hulle om woorde te vergelyk en te kontrasteer, byvoorbeeld: Watter woord klink gelukkig? Watter woord is langer?
- Vra of hulle ’n woord ken wat die teenoorgestelde van die fokuswoord beteken (antoniem) of ’n ander woord wat dieselfde as die fokuswoord beteken (sinoniem).
- Vra of jy die woord in verskillende situasies kan gebruik, byvoorbeeld: Kan jy vir die skoolhoof sê om te spring? Nee. Hoekom nie?




Uit *Storieboom Fotokopieerbare meester Addisionele werkvelle Graad 1* Fases 1–5




Uit *Oxford Afrikaanse Skoolwoordeboek*




Uit *Storieboom Fotokopieerbare meester Addisionele werkvelle Graad 1* Fases 1–5

# 5. Begrip

Om te lees met die doel om te verstaan moet 'n gewoonte word vir jou leerders sodat hulle teen die tyd wat hulle in Graad 4 is, kan begin om "te lees om te leer" eerder as om "te leer om te lees".

As jou leerder dít wat hulle gelees het, kan dekodeer en behoorlik hardop sê, maar nie kan verstaan wat hulle gelees het nie, sê hulle bloot net woorde en kan hulle nie werklik lees nie. Dit is om hierdie rede dat navorsing bewys het dat daar 'n bevoegde balans tussen die onderrig van klanke sowel as die nodige vaardighede vir lees met betekenis moet wees.

Leesbegripsvaardighede en -strategieë moet onderrig en oor 'n lang tydperk geoefen word. Sodra 'n leerder die basiese beginsels bemeester het en die woorde op papier kan lees, begin die werklike werk met betrekking tot begrip rondom wat hulle gelees het.

Om te lees is 'n komplekse proses wat staatmaak op die feit dat die leser al die vaardighede (fonologiese bewustheid, klanke en woordeskat), tesame met aktiewe denke, bevraagtekening, en die inspanning van verskillende leesstrategieë, kan gebruik.

'n Goeie leser pas dit toe voordat hulle lees, terwyl hulle lees en nadat hulle gelees het.

## Leesbegrip is ...

### Persoonlik

Om te lees is persoonlik aangesien elke leser hul eie:

- vaardighede
- ervaring

na die teks bring.

### Gebruik leesstrategieë

- Voorspel
- Identifiseer
- Visualiseer
- Lei af
- Bevraagteken
- Evalueer
- Verbind

### Interaktief

- Persoon → teks
- Bestaande kennis → konteks

### Aktief

**Voordat hulle lees, besluit lesers:**

- wat hulle reeds weet (bestaande kennis)
- wat hulle dink gaan gebeur (maak voorspellings)
- wat hulle van die teks verwag.

**Terwyl hulle lees, sal lesers:**

- toets dat hulle reg verstaan
- verskillende begripstrategieë gebruik om te help verstaan wat dit is wat hulle lees
- uitwerk wat enige nuwe woorde beteken.

**Nadat hulle gelees het, sal lesers:**

- besluit hoe hulle voel oor wat hulle gelees het
- evalueer hoe goed hulle gelees en verstaan het.

### Monitor jou begrip

**'n Goeie leser:**

- lees met akkuraatheid
- toets wat gelees word
- konsentreer
- verbind sinne en paragrawe
- werk uit wat enige nuwe woorde beteken
- verander van leesstrategie.

# Leesbegripstrategieë

Daar is baie strategieë wat goeie lesers gebruik wanneer hulle aktief betrokke is by ’n teks en probeer verstaan wat hulle lees. Sommige strategieë is eenvoudig en sommige is baie kompleks, maar slegs die eenvoudiges behoort vir jong lesers geleer te word. Leer jou lesers om:

- bestaande kennis te aktiveer
- voorspellings te maak
- konneksies te maak
- vrae te vra
- te visualiseer.

Dit is belangrik om die pas waarteen jy klasgee tot die vlak van die klas en die leesmateriaal aan te pas.

Leesbegripstrategieë moet onderrig en beoefen word totdat dit ’n gewoonte vorm.

## Strategie 1: Aktiveer bestaande kennis

Bestaande kennis is agtergrondkennis; dit is wat die leerder reeds weet of uit ervaring geleer het. Die leerder moet geleer word om hierdie kennis te *aktiveer* of te vind en dit te koppel aan wat hulle gaan lees (’n konneksie maak). As nuwe inligting gekoppel word aan wat reeds bekend is, word daar minder breinkrag benodig om begrip te laat plaasvind. Agtergrondkennis is:

- feitelike inligting
- dit wat die leerder al ervaar het
- bestaande woordeskat
- kennis van die tekstipe (hierdie is ’n storie, daarom ...)

## Strategie 2: Maak voorspellings

’n Voorspelling is ’n raaiskoot gebaseer op inligting wat jy het. Byvoorbeeld, as jy vir die klas ’n boekomslag wys met ’n prentjie van ’n donker wolk op, kan jou klas voorspel dat dit in die storie sal reën. Die leerders gebruik dus hul bestaande kennis van waarneem dat wolke donker raak voordat dit reën en het sodoende ’n konneksie gemaak met die prentjie en sodoende ’n voorspelling gemaak. Soos hulle dan die storie lees, kan hulle vrae vra om te sien of hulle voorspelling korrek was.

Die volgende elemente kan jou leerders help om voorspellings te maak:

- die titel van die storie
- die genre van die Leesboek
- die omslagkunswerk
- die flapteks
- die kunswerk binne die teks.




Terwyl jy die storie lees, vra vrae wat tot ’n voorspelling lei.

Wat dink jy gaan volgende gebeur?

# Strategie 3: Vra vrae

Goeie lesers vra vrae soos hulle lees en dink oor óf vind die antwoord. Hierdie strategie help hulle om:

- hulle begrip te kontroleer
- konneksies te maak
- voorspellings te maak en te toets
- die hoofgedagte te vind
- nuwe inligting te toets teen bestaande kennis
- nuwe inligting op te som
- te besluit op 'n nuwe leesstrategie.

Terwyl jy die storie of teks lees, vra vrae wat die leerders sal aanspoor om konneksies en dan 'n voorspelling te maak. Hieronder is 'n voorbeeld van die tipe leidende vrae wat gevra kan word.

Wie sê "Pa, word wakker!"?

Het jy al ooit sulke groot bokse gedra?

Hoeveel kon jy dra?

Is dit baie vis om te dra?




Wat dra hy? Hoe baie dra hy?

Dink jy Manie kan so baie vis dra?

Wat dink jy gaan volgende gebeur?

Uit *Ons word groot* Vlak 3 *Manie en Mientjie*

Waar dink jy is hulle? (by die strand)

Hoe weet jy dit? (leidrade: water, sand, handdoeke, hulle is nat)

Wie was al strand toe? [bestaande kennis]

Wat doen jy op die strand? (swem) [maak konneksies]

Wys my wat jy doen wanneer jy baie koud kry. [maak 'n konneksie met hulle eie lewe]

Wie kry *baie* koud? Hoe weet jy? (daar is lyne om sy lyf wat wys dat hy bibber) [maak konneksies]




Wat dra jy wanneer jy swem? [bestaande kennis]

Wat gebruik jy om droog te raak? [bestaande kennis]

Ná jy geswem het, is jy warm of koud? [maak konneksies]

Lyk hulle warm of lyk hulle koud? Hoe weet jy? (klein seuntjie bibber, hulle is onder handdoeke saamgekoek en bedek) [maak konneksies]

## Strategie 4: Maak konneksies

Kinders leer deur te luister, te kyk en waarnemings te maak. Op die manier bou hulle strukture van denke en begrip (wat skemas genoem word). Hierdie skemas word gebou en verander soos kinders nuwe inligting teëkom.

Help jou kinders om dit waaroor hulle lees in teks te kan koppel met dit wat hulle al in hulle lewe ervaar het. Dit sal hulle bestaande kennis bou en hulle leer om aktief konneksies te maak terwyl hulle lees.

### Koppel die teks aan die self

Lei die leerders deur hulle te vra waaraan ’n spesifieke storie hulle herinner in hulle eie lewens. Help hulle om skakels met hulle eie lewens en ervarings te skep. As die storie handel oor speel met vriende, vra die leerders hoe hulle voel wanneer hulle met hul vriende speel en wat hulle die meeste van daardie ervaring geniet. Moedig hulle aan om die dinge te deel waaraan die storie hulle laat dink en vra of die omgewing waar hulle met hul vriende speel soortgelyk is aan hierdie een. Hulle kan ook aangemoedig word om te praat oor die ooreenkomste en verskille tussen die storie en hulle eie ervaring van speel met vriende.

### Koppel die teks aan ander tekste

Wanneer daar karakters, ’n omgewing en gebeure van ’n storie bekend gestel word, is dit belangrik om skakels te maak met karakters, omgewings en gebeure van ’n storie waarmee die leerders wel bekend is. Spoor hulle aan om te dink aan hulle gunstelingkarakter in die boek wat hulle gelees het. Is hierdie karakter soos die karakter in die nuwe storie? Moedig hulle aan om te verduidelik hoe die nuwe karakter verskil van die karakter in die bekende storie. Begelei hulle in die bespreking van die omgewing in die storie wat hulle goed ken en lei hulle dan om die omgewing in die nuwe storie te identifiseer. Dieselfde konneksies kan gemaak word tussen die gebeure soos die leerders parallele kan trek tussen die gebeure in die twee stories.


### Koppel die teks aan wat hulle van die wêreld weet

Bespreek gebeure wat deel van die leerder se verwysingsraamwerk is. Dit sluit kennis van wêreldgebeurtenisse in wat die leerders met skakels sal voorsien wat hulle sal help om dít wat hulle gaan lees, beter te verstaan. As die storie gaan oor die viering van ’n spesiale dag, bespreek spesiale dae soos Mandela-dag, of vra hulle om te praat oor hoe hulle hul verjaardae vier. Stuur hulle in ’n rigting waar hulle dink oor wat in die werklike lewe op spesiale dae gebeur sodat hulle op ’n realistiese vlak by die storie kan aansluit.


## Strategie 5: Maak prentjies (visualiseer)

’n Goeie leser maak verstandelike prentjies van wat hulle lees soos hulle lees. Hulle sien amper ’n filmweergawe van die storie in hulle koppe. Die vermoë om dit te doen, bewys dat hulle kan verstaan wat hulle lees.

Navorsing toon dat jong lesers wat kan visualiseer, oor beter herroepingsvermoë beskik in terme van wat hulle gelees het.




Uit *Oxford Storieboom Graad 1 Werkboek*




Uit *Oxford Storieboom Graad 2 Werkboek*

# Die leesproses: Voor, tydens en ná lees

’n Goeie leser kies en pas leesstrategieë toe **voordat** hulle lees, **terwyl** hulle lees en – om seker te maak dat hulle behoorlik by die teks betrokke geraak het – **nadat** hulle gelees het.

Die volgende tabelle verduidelik wat jy jou leerders help bereik as hulle lees.




| Voordat hulle lees, sal goeie lesers: | |
|---|---|
| ’n Doel of verwagting stel | • Wil ek tydens die lees van hierdie teks myself geniet/iets beter verstaan/iets leer?<br>• Hoe sal hierdie teks my help? |
| Kennis neem van enige tekskenmerke of -strukture | • Is dit ’n storie of inligtingsteks?<br>• Is daar enige opskrifte?<br>• Is daar enige prente of diagramme? |
| Bestaande kennis aktiveer | • Wat weet ek van hierdie onderwerp?<br>• Watter ander boeke het ek al hieroor gelees?<br>• Het ek al hierdie in werklike lewe gesien? |
| Voorspellings maak | Wat sê die volgende vir my?<br>flapteks<br>titel<br>inhoudsbladsy<br>omslag<br>genre |



| Terwyl hulle lees, sal goeie lesers: | |
|---|---|
| Met akkuraatheid lees | • Min foute maak<br>• Teen ’n goeie tempo lees |
| Konteks gebruik om enige nuwe woorde te verstaan | • Woordkennis gebruik<br>• Voor- en agtervoegselkennis gebruik<br>• Woordtakelvaardighede gebruik |
| Kontroleer (opklaar) dat hulle verstaan het – begrip monitor | • Hulleself vrae vra<br>• Dele herlees om beter te verstaan<br>• ’n Nuwe leesstrategie probeer |
| Nuwe inligting toets teen bestaande kennis | • Kennisskemas bou deur by te voeg en aan te pas volgens dit wat hulle lees |
| Konneksies kan maak | • Wat hulle lees, koppel aan:<br>– bestaande kennis<br>– eie ondervinding<br>– ander dele van die teks<br>– ander boeke wat hulle al gelees het |
| Voorspellings aanpas of nuwe voorspellings maak | • Voorspellings wat gemaak is, toets voordat begin lees is<br>• Voorspellings behou<br>• Nuwe voorspellings maak gebaseer op wat gelees is |
| Vrae vra wat ter sprake gebring word deur dit wat hulle lees | • Nuuskierig wees en krities betrokke raak<br>• Aktief dink oor wat gelees word |
| Gedeeltes van die teks herlees | • Gedeeltes herlees omdat hulle die teks geniet<br>• Gedeeltes herlees omdat hulle besef dat hulle nie verstaan het nie |
| Afleidings maak | • Gebruik wat hulle ken en gelees het om besluite te maak oor die storie, karakters en inligting wat op ’n raaiskoot gebaseer is en nie omdat die outeur dit duidelik gemaak het nie<br>• Op die hoogte bly van wie tydens die lees van ’n dialoogteks praat |



| Nadat hulle lees, sal goeie lesers: | |
|---|---|
| Nadink oor wat hulle gelees het | • Het ek die teks geniet/verstaan? Het ek iets van die teks geleer?<br>– Hoekom? Hoekom nie?<br>• Hoe sal hierdie teks my help?<br>• Glo ek wat ek gelees het?<br>– Hoekom? Hoekom nie? |
| Die hoofpunt of -punte kan identifiseer | • Hierdie is 'n goeie teken van begrip |
| Kan opsom wat hulle gelees het | • Identifiseer die hoofpunte<br>• Behou slegs die belangrikste inligting |
| Kan oorvertel wat hulle gelees het | • Kan ek die hoofpunte en volgorde van gebeure onthou?<br>• Kan ek die gebeure in my eie woorde oorvertel om begrip te toon |
| Voorspellings kan assesseer | • Was my voorspellings korrek?<br>• Ja – hoe het ek dit reggekry?<br>• Nee – waar het ek verkeerd gegaan? |
| Volgorde kan weergee | • As 'n storie in chronologiese volgorde vertel is, is hierdie 'n goeie toets van herroeping<br>• As die storie nie in chronologiese volgorde vertel is nie, is hierdie 'n goeie toets van begrip |



Ons word groot Onderwysersnotas Vlak 1

## Die rooi bal

**Vlak**

Vlak 1 Elementêr

**Opsomming**

Die storie gaan oor 'n meisie, haar hond, Kolle, en die pret wat hulle met 'n rooi bal het. Die storie is vol aksiewoorde en voorsetsels. Die storie is geskik vir seuns en meisies.

**Vooraf – Werksvel 1**

Deel Werksvel 1 uit voordat die leerders die storie lees. Die leerders moet die kolletjies verbind en die prente voltooi. Die prente is van die hoofkarakters in die storie waar hulle sekere aksies uit die storie doen. Daarna kan die leerders die prente inkleur.

Die werksvel stel die belangrikste woordeskat en die hoofkarakters aan die leerders voor en berei die leerders voor op die lees van die storie. Nou is die leerders gereed om die storie te lees.

**Assessering**

Assesseer of die leerders die kolletjies kon verbind en die prente voltooi het. Beoordeel hulle op 'n skaal van 1–4.

**Lekker dinge om te doen**

Leerders moet hierdie aktiwiteite doen nadat hulle die storie gelees het. In die geval van beginnerlesers moet jy die vrae en opdragte vir hulle voorlees.

1. Hierdie vraag help die leerders om die hoofkarakters te identifiseer en om na te dink waaroor hulle gelees het.
2. Hierdie vraag is geskik vir huiswerk. Dit help leerders om opsommings te maak.

3–4. Hierdie aktiwiteite versterk nuwe woordeskat.

5–6. Hierdie aktiwiteite moedig die leerders aan om die storie in verband te bring met hul eie lewe.

**Agterna – Werksvel 2**

Deel Werksvel 2 uit nadat die leerders die storie gelees het. Die leerders moet die woorde by die prente pas. Die eerste een is gedoen as voorbeeld. Daarna kan hulle die prente inkleur.

Hierdie werksvel brei die leerders se woordeskat uit om die name van die ander items in die storie in te sluit. Deur die prente in te kleur ontwikkel hulle hul motoriese vaardighede.

**Assessering**

Assesseer of die leerders die prente en name bymekaar kon pas. Beoordeel hulle op 'n skaal van 1–4.

9

# Die rol van die onderwyser in die onderrig van die leesproses

Alles wat 'n goeie leser moet weet om te doen moet op só 'n manier onderrig word dat die leerder kan verstaan hoekom dit belangrik is om te doen, asook hoe dit werk. Hulle sal dit sien deur jou modellering van die leesproses.

**Voor lees**

- Onderrig enige *nuwe* sleutelwoorde/klanke.
- Hersien enige sleutelwoorde/klanke.
- Vra vrae om bestaande kennis te aktiveer.
  - Kyk na die omslag.
  - Kyk na die omslagkunswerk.
  - Kyk na die titel/onderwerp.
- Help leerders om voorspellings te maak.
- Gaan deur die Leesboek en kyk net na die prente.
- Help leerders om enige voorspellings aan te pas.

**Tydens lees**

- Lees die storie deur sonder om te stop om vlotheid en akkuraatheid uit te beeld.
- Kontroleer of voorspellings wat gemaak is korrek is.
- Neem jou leerders deur die storie deur te kyk na:
  - die manier waarop die teks en kunswerk saamwerk (visuele geletterdheid)
  - die nuwe woorde wat geleer is, wat hulle beteken en hoe om hulle uit te spreek.
- Modelleer woordtakelvaardighede:
  - Hoe kan die kunswerk my help om uit te werk wat die woord beteken?
  - Hoe kan die ander woorde in die sin my help?
  - Hoe slaan ek 'n woord in die woordeboek na?
- Vra jou klas vrae wat hulle sal help om konneksies te maak met wat hulle reeds weet of geleer het.
- Help leerders om die begin, middel en einde van 'n storie te identifiseer.
- Help leerders om die tekskenmerke van niefiksie te gebruik om 'n teks te verstaan.
- Help leerders om die hoofpunt/e van 'n teks te vind en dan op te som wat hulle gelees het.
- Modelleer hoe om begrip te monitor deur te stop, vrae te vra om betekenis op te klaar, en dan gedeeltes te herlees.

**Ná lees**

- Leer jou leerders om ná te dink oor wat hulle gelees het.
- Help hulle om konneksies te maak en hul skemas van begrip te ontwikkel.
- Heg 'n skryfaktiwiteit aan by wat gelees is om begrip te verdiep.
- Help leerders om die storie op 'n eenvoudige storiekaart te ontwerp.
- Laat jou klas die storie aan mekaar oorvertel of uitbeeld/rolspeel.
- Laat leerders toe om die einde van die storie te verander.
- Moedig leerders aan om te sê of hulle die storie geniet het of nie en om 'n rede te hê vir hulle antwoord.

# Struikelblokke wat leer lees belemmer

Die volgende tabelle sal jou help om struikelblokke te identifiseer wat die leer van lees belemmer.

| Dekoderingsprobleme | | | |
|---|---|---|---|
| **Wat jy sal sien** | **Oorsaak** | **Wat jy kan doen om ondersoek in te stel** | **Wat jy kan doen om te help** |
| • Leerders wat skeel kyk | Swak sig | Oogtoets | Stel voor dat die leerder 'n bril kry. |
| • Leerders wat reëls oorslaan<br>• Leerders wat sukkel om te volg<br>• Leerders wat hul vinger gebruik om te help volg | Swak oogkoördinasie | Oogondersoek deur 'n oogkundige | • Gee die leerder oefeninge wat kan help met die ontwikkel van oogkoördinasie.<br>• Stel voor dat die leerder 'n spesiale bril kry. |
| • Leerders wat foute maak met vokaalklanke<br>• Leerders wat woorde raai | Probleme om die klanke wat letters maak te identifiseer (tipies vokaalklanke) | Vra die leerder om elke harde en sagte vokaalklank te herhaal. | Bied remediërende klasse aan wat fokus op die klankreëls van vokale en hul klanke. |
| • Leerders wat geen moeite het met die dekodering van kort woorde nie, maar sukkel met langer woorde<br>• Leerders wat raaiskote maak gebaseer op die eerste letter van die woord | Probleme met die verdeling van woorde in lettergrepe | Wys die leerder bekende en onbekende woorde van drie of meer lettergrepe en laat die leerder dit lees. | • Leer die leerder om hande te klap of te fokus op hoe die kakebeen sak wanneer langer woorde gesê word.<br>• Wys hoe woorde in lettergrepe van twee tot drie letters met 'n vokaal in elk verdeel word. |

| Begripsprobleme | | | |
|---|---|---|---|
| **Wat jy sal sien** | **Oorsaak** | **Wat jy kan doen om ondersoek in te stel** | **Wat jy kan doen om te help** |
| Leerders verstaan nie die teks nie, omdat hulle nie die woorde verstaan nie. | Beperkte woordeskat | Selfs al kan die leerder die woorde reg lees, vra vir die betekenisse van die belangrike woorde in die teks. | • Werk daaraan om hul woordeskat uit te brei.<br>• Leerders moet hul eie woordeboeke vir nuwe woorde hê. |
| Leerders neem baie lank om 'n kort teks te lees. | Die lees van boeke wat te gevorderd is vir die leerder se vermoë | Maak seker die boeke is op die regte moeilikheidsgraad vir die leerders. | Maak seker die teks het nie meer as vyf onbekende woorde per bladsy nie (die vyf-vinger-reël). |
| Leerders lees vinnig, maar sonder uitdrukking. | Leerders sukkel om te visualiseer wat hulle lees. | • Leerders moet verduidelik wat hulle gelees het.<br>• Hulle moet probeer teken wat hulle gelees het. | • Leerders moet oefen om dit wat hulle gelees het te visualiseer.<br>• Hulle kan teken om hulle te help om visuele beelde te vorm. |
| Leerders lees, maar toon ná die tyd dat hulle nie gekonsentreer het op wat hulle gelees het nie. | Inligting word nie op 'n diep genoeg vlak geïnternaliseer nie. | Vra en maak seker dat die leerders kan verstaan en interpreteer wat hulle gelees het. | Leerders moet notas in die kantlyn maak om betrokkenheid met wat gelees word te verseker. |
| Leerders wat dit nie regkry om dít wat hulle lees te koppel met iets wat hulle reeds weet nie en wat nie maklik hul eie bestaande kennis oor 'n onderwerp wat behandel word, kan deel nie. | Leerders is nie in staat daartoe om nuwe inligting te prosesseer en by reeds bestaande kennis te voeg nie. | Vra die leerders om te bevestig wat hulle weet en om uit te vind hoe hulle nuwe inligting onthou. | • Help die leerders om in verbinding te tree met agtergrondkennis voordat hulle lees.<br>• Help hulle om nuwe inligting te organiseer deur 'n visuele voorstelling van woorde te maak met betekenis-gebaseerde verbindings. |

Soos reeds bespreek, het leerders verskillende soorte taalvaardighede wanneer hulle jou klaskamer binnetree. Dit is altyd nuttig om te identifiseer waar die moontlike probleem lê. Die inligting hieronder kan gebruik word om 'n waarnemingskontrolelys te skep.


**Sosiale taal:**
- Maak nie oogkontak nie
- Praat bo-oor ander en sukkel met spreekbeurt-verwisseling
- Sukkel om 'n gesprek aan die gang te hou

**Reseptiewe taal (om te verstaan wat gehoor is):**
- Sukkel om te luister
- Sukkel om te konsentreer
- Benodig dat instruksies herhaal word
- Vergeet die volgende stap in 'n instruksie
- Misverstaan woorde wat gesê is

**Ekspressiewe taal (taal gebruik om te praat):**
- Het 'n beperkte woordeskat
- Praat in eenvoudige sinne
- Is skaam om voor ander te praat
- Gebruik woorde verkeerd omdat dit soos ander woorde klink

# Metodologie om lees te leer

## 1. Steierwerk




Nie elke leerder in jou klas sal op dieselfde vlak wees as dit kom by vaardigheidsontwikkeling en leertempo nie. Dit is daarom belangrik dat jy jou onderrig in vlakke wat op mekaar bou struktureer ("scaffolding") sodat jy almal se behoeftes kan tegemoetkom.

Vir elke nuwe ding wat 'n kind leer, is daar 'n gaping tussen wat hulle reeds weet en wat hulle moet weet. Hierdie gaping word Vygotsky se sone van proksimale ontwikkeling genoem. Onderrig wat in vlakke gestruktureer word en gebruik maak van gedeelde lees en begeleide leestegnieke kan leerders help om hierdie gaping te oorbrug.

> Onderrig wat in vlakke gestruktureer word, beteken om ondersteuning te bied soos mense hoër vlakke probeer behaal.

Beplan dat al jou onderrig en tekste op die regte vlak is.

| Nie te moeilik nie  | Nie te maklik nie  | Op die regte vlak  |
|---|---|---|
| Leestekste moenie by die leerders se frustrasievlak (te moeilik) wees nie. Hierdie boeke moet gebruik word vir leesgenot. Soos jy dit vir jou klas lees vir pret, kan hulle verrykende taalgebruik hoor. | As jou klas al die woorde en inhoud van 'n boek ken, sal hulle verveeld en gefrustreerd raak. Sit hierdie boeke in jou boekhoek, aangesien hulle perfek is vir selfstandige lees.<br>Hierdie boeke laat die kinders selfversekerd voel wanneer hulle lees omdat hulle al die woorde ken. Só kan hulle meer vlot lees en fokus op begrip. | As die taalvlak nét bo die klas s'n is, is dit op hul onderrigvlak. Hierdie boeke is goed vir gedeelde lees.<br>Hulle sal geleenthede skep waartydens jy hulle nuwe woorde en vaardighede kan leer. Jou klas sal dan in die sone van ontwikkeling wees aangesien hulle nuwe kennis kan voeg by wat hulle klaar weet.<br>Ná jy die gedeelde lees van die Grootboek voltooi het, kan jy die klas skuif na die bypassende Leesboek vir groepbegeleide lees. Hier kan jy individuele leerders help oefen aan woorde en vaardighede wat tydens die gedeelde lees geleer is. |

## 2. Gedeelde lees



'n Gedeelde leesles beteken dat die leerders die lees van 'n teks met die onderwyser deel en dan geleidelik die leeswerk oorneem. Dit is 'n gedeelde proses.

In gedeelde lees

- word die leeswerk gewoonlik deur die hele klas gedoen
- is dit belangrik dat die proses in 'n ontspanne omgewing plaasvind sodat leerders die vrymoedigheid kan hê om risiko's te neem en woorde te raai
- is dit jou geleentheid om goeie leeswerk te demonstreer en te onderrig
- aanvaar al die pogings en raaiskote van jou leerders en gebruik hul antwoorde om die leerproses te bevorder
- prys jou leerders vir hul probeerslae
- verstaan dat om foute te maak deel van die leerproses is
- lees vir jou leerders uit 'n Grootboek of teks wat vergroot is sodat die leerders kan volg en saam met jou kan lees
- lees met vlotheid en ekspressiwiteit
- deel leerders die lees van die teks en sluit aan wanneer hulle kan terwyl jy leiding en ondersteuning verskaf
- dink hardop sodat jou leerders die leesstrategieë wat jy demonstreer, kan waarneem.

## Die voordele van gedeelde lees

Gedeelde lees laat leerders toe om die leesproses waar te neem en dit só aan te leer. Hulle neem nie net deel aan die proses en leer belangrike konsepte rondom die manier wat gedrukte taal werk nie, maar kry ook 'n gevoel vir leer en begin hulself as lesers sien.

- Leerders het die voordeel om te werk met materiaal wat hulle nie normaalweg op hulle eie sou kon lees nie.
- Leerders bou selfvertroue deur in 'n groep te werk.
- Dit toon die verband tussen gedrukte en mondelinge taal.
- Leerders word aangespoor om agtergrondkennis met nuwe inligting te koppel.
- Dit leer leerders hoe om teks in betekenis te omskep.
- Dit bevorder begripsvaardighede.
- Dit help met die onderrig van woordeskat wat gereeld gebruik word.
- Dit ontwikkel die leerders se vermoë om voorspellings te maak en hul eie gevoel vir 'n storie te ontwikkel.
- Dit help die leerder om hul aandag te fokus.











# 3. Groepbegeleide lees

Groepbegeleide lees is wanneer die onderwyser werk met 'n klein groepie leerders wat 'n soortgelyke teksvlak lees en sekere soortgelyke leesgedragspatrone toon. Met groepbegeleide lees is daar 'n geleentheid vir die onderwyser om geletterdheidsleer in vlakke wat op mekaar bou te struktureer. Met ander woorde, die onderwyser kan die leerders help om hul begrip te versterk. Dit is nie 'n benadering wat staatmaak op die toetsing van die leerder se begrip nie, maar eerder 'n geleentheid om 'n leerder te lei en deur onderrig te help verbeter.

Groepbegeleide lees is nie vir toetsing nie; dit is vir onderrig.
Die doel is om jou toe te laat om te fokus op kleiner groepies leerders en om só individuele en gefokusde aandag aan leerders te gee.








In groepbegeleide lees
- kies 'n teks wat geskik is vir die groep leerders
- kies 'n teks wat eenvoudig genoeg is vir die leerders om te kan lees met 'n sekere hoeveelheid vlotheid en omtrent 90% akkuraatheid. Dit moet egter steeds uitdagings bied wat probleemoplossing vereis
- gee die leerders agtergrond tot die teks en begelei hulle om sodoende kennis van hul eie ervarings te put
- bied ondersteuning aan leerders soos hulle deur die teks werk; soos hulle daaroor praat, lees en dink.

Tydens groepbegeleide lees kan leerders die storie geniet en verstaan terwyl hulle hul eie strategieë gebruik soos ondersteun deur die inleiding wat die onderwyser gegee het. Die leerders fokus op betekenis, maar gebruik probleemoplossingstrategieë om uitdagende sinstrukture sowel as moeilike of onbekende woorde en idees wat hul nog nie in gedrukte vorm teëgekom het nie, aan te pak.

Wanneer jy met die leerders werk tydens groepbegeleide lees, is dit belangrik om 'n balans te handhaaf tussen die moeilikheidsgraad van die uittreksel sowel as jou ondersteuning vir die leerders wat dit lees. Jy moet die storie aan die groep voorstel, kort besprekings met die leerders hê soos hulle lees om ondersteuning te bied, en die teks agterna met hulle bespreek. Op hierdie manier word individuele lesers die geleentheid gegun om vorentoe in die leesproses te beweeg.

# 4. Lees in pare

Wanneer daar in pare gelees word, kry ’n leerder kans om dit wat hy geleer het in ’n veilige en ondersteunende omgewing te oefen.

Lees in pare kan op verskeie maniere georganiseer word:

- Leerders met dieselfde vermoëns kan afgepaar word.
- ’n Sterker leser kan saam met ’n swakker leser gegroepeer word en so die swakker leser lei en ondersteun.
- Ouers kan gevra word om saam met hul kinders te lees.





Die paar neem dan beurte om die teks vir mekaar te lees. Hulle gee dan vir mekaar terugvoering. Dit is ’n belangrike deel van die proses en moet deur jou gelei word. Stel vir die paar ’n bespreekingspunt of lei hulle en verduidelik waarvoor hulle moet uitluister, byvoorbeeld intonasie of spoed. Dit moedig portuurondersteuning en onderrig aan. Dit help ook dat leerders ’n kritiese oor ontwikkel vir wat goeie en/of swak lees is.

Die belangrikste is dat dit jou in staat stel om in die klas rond te loop en te kyk terwyl jou klas lees. Gebruik hierdie tyd om notas te maak van jou leerders of om afmerklysies in te vul terwyl jy jou leerders waarneem.

# 5. Onafhanklike lees

Onafhanklike lees is wanneer leerders op hul eie lees, hul eie Leesboeke lees en onderwyser gedrewe lees.

Onafhanklike lees is baie belangrik omdat dit:

- die leerder ’n gevoel van beheer gee. Leerders mag self kies wat hulle wil lees en dit bou die intrinsieke motivering om te lees.
- pret moet wees. Dit word dikwels “lees vir pret” genoem.
- selfvertroue bou. Dit is baie belangrik dat jou leerders geleer word watter boeke hulle onafhanklik behoort te lees. Indien hulle boeke kies wat te moeilik is, sal hulle dit frustrerend vind om alleen te lees en sal hulle hul selfvertroue verloor. Indien hulle egter ’n boek kies waar hulle al die woorde ken, sal dit hulle lesers maak met meer selfvertroue.





# Hoe om al die leerders se leerbehoeftes tegemoet te kom

Almal lees nie op dieselfde manier nie. Deel van ’n inklusiewe klaskamer is om die verskillende leerstyle van leerders te akkommodeer.

Die volgende notas verduidelik hoe jy diverse leesaktiwiteite in jou klas kan beplan.

**Visueel**

Die leerders dink in prente en sal die helder, leerdergesentreerde kunswerke in die Grootboeke en Leesboeke geniet. Gee hierdie leerders die geleentheid om die prente te geniet en moedig hulle aan om hul verbeelding te ontwikkel.



**Ouditief**

Hierdie leerders leer deur die hoor van en die luister na inligting. Hulle sal die onderrig wat met Grootboeke in ’n gedeelde leesles gebeur, geniet. Hulle sal dit geniet om na voorlesings op die USB-oudio te luister; asook om die klankpatrone en rympies te sing.



**Verbaal**

Hierdie leerders sal daarvan hou om dit wat hulle ken en waaraan hulle dink met die klas te deel deur te praat of te skryf. Hulle hou daarvan om woorde te gebruik en vind dit maklik om hulself uit te druk. Jy sal hul entoesiasme moet onderdruk en hulle daaraan herinner dat ander leerders in die klas ook ’n beurt moet kry om te praat. Hierdie leerders sal daarvan hou om te lees, nuwe woorde te leer, en om die skryftake te doen en die werkvelle te voltooi.



**Fisies/kineties**

Hierdie leerders wie se tassin belangrik is, leer deur te doen, verkieslik iets aktief en fisies. Hulle sal daarvan hou om die stories fisies uit te beeld en om aksies te leer wat by woorde pas. Hulle sal daarvan hou om die alfabet op te sê of enige rympies uit te beeld deur bewegings te gebruik.



**Logies/wiskundig**

Hierdie leerders is in staat om probleme op te los, en logika en rede is vir hulle belangrik. Hulle sal daarvan hou om die niefiksieleesboeke te lees en sal gemotiveerd wees deur die ondersoekende vrae wat gevra word. Al die vlakke se “gebeurtenisse” is liniêr en logies en hulle sal met enige oorsaak en gevolg van sake in die storielyn kan identifiseer.



**Sosiaal**

Hierdie leerders hou daarvan om saam met ander te werk en deel wat hulle dink en wat hulle al geleer het. Hulle is goeie kommunikeerders en goeie luisteraars. Hierdie leerders geniet die groepbegeleide leessessies en sal goeie mentors maak as hulle met swakker lesers afgepaar word.



**Alleenloper**

Hierdie leerders is onafhanklik en hou daarvan om alleen te werk. Hulle kan vir langer tye konsentreer en bly gefokus op die onderwerp. Hulle sal dit geniet om aan die werkvelle te werk en aan die skryfaktiwiteite indien hulle individueel daaraan werk. Hulle moet tyd gegun word om alleen te lees en sessies gegee word waar hulle alleen net vir die genot kan lees.



## Hoe om leessessies leerdergesentreerd te maak

Die doel van leerdergesentreerde onderrig is om aan elke leerder eienaarskap te gee van sy ontwikkelende leesvaardigheid en om hierdie eienaarskap te gebruik om 'n leesidentiteit te skep.

| Tipes onderrig | Tipes leerders |
|---|---|
| **Onderwysergesentreerd:** die onderwyser gee klas en die leerder moet stil sit en net doen wat aan hulle gesê word. Gedeelde lees waar die onderwyser die boek voorlees, maar nie die leerder inskakel nie, is deel van die kategorie. | • Lees 'n boek omdat die onderwyser dit gekies het. Dreun saam terwyl die onderwyser voorlees.<br>• Volg instruksies sonder om vir hulself te dink.<br>• Voltooi werk omdat hulle bang is hulle word gestraf.<br>• Het geen verpligting teenoor leer nie |
| **Leerdergesentreerd:** die onderwyser lei die leerders deur aktiwiteite en help hulle om bestaande kennis te verbind met dit wat hulle besig is om te leer. Dit is wanneer die tempo en die inhoud pas by die leerder se behoeftes en die leerder mag kies en 'n opinie hê. | • Vra vrae oor die boek.<br>• Help om doelwitte saam met die onderwyser te stel.<br>• Deel dit wat hulle geleer het met ander. |
| **Leerdergedrewe:** die onderwyser is die fasiliteerder van die leerders se selfgekontroleerde leer. | • Neem beheer van dit wat en hoe hulle leer.<br>• Hulle vra vrae en vind dan die antwoorde.<br>• Hulle werk onafhanklik of werk saam met ander.<br>• Hulle monitor hulself en stel hul eie doelwitte. |

Die volgende diagram illustreer hoe om die leerder die middelpunt van die leesles te maak.

Kies leesstof wat relevant is tot die kind en wat gekoppel is aan hul lewenservaring. Skakel dit wat hulle lees met hul agtergrondkennis en help hulle om dit wat hulle lees te verbind met hul lewens.

Maak lees pret en kindgesentreerd. Skep 'n gelukkige, oop, kreatiewe en deelnemende atmosfeer wanneer kinders lees.




Uit *Ons word groot*
Vlak 2 *Die boelie*







Skep suksesvolle oomblikke.

Skep 'n sosiale rede om te lees.

Bou 'n graad van eienaarskap.



# Niefiksie

## Waarom is niefiksie belangrik?

Dit is baie belangrik dat kinders niefiksietekste lees. Niefiksietekste moedig akademiese denke en akademiese taalgebruik aan. Dit stel kinders ook bloot aan verskillende soort tekste.

Hulle sal vinnig agterkom dat niefiksietekste anders as stories is. Jy kan ook wys dat jy 'n ander leesstrategie gebruik met die lees van 'n inligtingsteks as met 'n storie.

| **Fiksie** (nie werklik nie) | | **Niefiksie** (werklik) |
|---|---|---|
| Om te vermaak<br>Storie-taal | Doel | Om in te lig<br>Feitlike taal |
| Intrige: begin → middel → einde<br>Probleem en oplossing | Struktuur | Inhoudsopgawe<br>Opskrifte<br>Elke bladsy kan onafhanklik gelees word |
| Illustrasies | Visueel | Foto's<br>Diagramme<br>Onderskrifte en byskrifte |
| Te geniet<br>Te verbeel | Jy lees om … | Te leer<br>Inligting te kry |

Trussell-Cullen (1999:2) definieer niefiksie as 'n manier om "die regte wêreld te dokumenteer en te vier en dit beteken alles omtrent die wêreld wat werklik, waarneembaar, meldenswaardig, bewysbaar en beleefbaar is."


Dit beteken dat niefiksie vir die kind wys hoe die wêreld werk. Die kind behoort ná die lees van 'n niefiksieteks dit wat hy of sy gelees het, te kan uitken in hul eie wêreld of die werklikheid.

Niefiksie staan ook bekend as inligtingsteks. Die hoofdoel is om die leser in te lig; die fokus is dus nie op 'n karakter of 'n avontuur nie.

Die lesers, wat dinge bevraagteken, sal gereed wees om hul akademiese handboeke in Graad 4 te lees en te verstaan.

Daar is baie belangrike voordele met die vroeë blootstelling aan niefiksietekste.

## Niefiksietekste:



sluit belangrike inligting van alle vakke in en dit berei kinders voor vir die leer wat in die hele kurrikulum gaan plaasvind.

help leerders om nuwe woordeskat aan te leer deur hulle bekend te stel aan gespesialiseerde of tegniese woorde. Dit kan 'n liefde kweek vir 'n spesifieke veld waaraan hulle blootgestel is.

word gebruik in die assessering wat in hoër grade gaan plaasvind. Leerders wat bekend is met niefiksietekste vind dit makliker om die meer gekompliseerde tekste te bemeester. Vroeë blootstelling aan niefiksietekste is die beste manier om leerders voor te berei om die toenemende akademiese druk in die intermediêre grade te hanteer.

gebruik visuele stimulus soos foto's wat die verbeelding prikkel en kreatiwiteit aanmoedig.

het 'n ander struktuur as verhalende tekste en kinders moet leer hoe om betekenis te onttrek en om die tekste te verstaan.

leer kinders hoe boeke aanmekaar gesit is en hoe dit werk. Hulle leer dat 'n boek meer as 'n storie oordra, maar dat dit ander aspekte as komponente het (inleiding, woordelyste, foto's, ens.).

stel leerders aan 'n verskeidenheid verskillende geletterde bronne bloot en hulle kan dan bou aan hul bestaande kennis en vrae beantwoord.

bevat diepte en denke wat meer in ooreenstemming is met die regte wêreld en dit bevorder meer volwasse denkprosesse.

vorm 'n baie belangrike deel tot die uitbreiding van die leerder se bestaande kennis oor 'n aspek van die fiksieboek wat hulle besig is om te lees. Met ander woorde, indien 'n leerder 'n storie oor 'n sebra lees, kan die onderwyser dit opvolg met 'n niefiksieboek wat hulle feite leer oor 'n regte sebra. Dit help met die ontwikkeling van dieper denke by leerders en dit brei hul kennis van die regte wêreld uit.

Niefiksie-lees en skryf is 'n noodsaaklike deel van die kind se aktiewe leer wat plaasvind wanneer vrae gevra word en probleme opgelos word. Dit behoort dus 'n kritiese deel te wees van die vroeë kind se kurrikulum.

Kinders wat net stories boeke lees, is nie voorbereid vir Graad 4 wanneer hulle handboeke moet lees om te leer nie. Niefiksie moet egter nie net 'n foto met teks wees wat verduidelik wat in die foto is nie. Inteendeel, dit moet nuuskierigheid, vraagstelling en ondersoek aanwakker en lei tot navorsing.


## Voorbeelde van ondersoekgebaseerde niefiksieleesboeke

Die leerfokus van Vlak 6 Leesboek 6 hieronder is om jou van die vier seisoene te leer. Die Leesboek wys verskillende goed wat in die vier seisoene gebeur.

So veel werklikhede as moontlik word gewys.

Die teks word deur 'n foto ondersteun sodat dit wat gesê word waargeneem kan word.

Die vetgedrukte skrif dui die name van die seisoene aan.



**Lente**

In die lente verskyn groen blare en klein blomknoppies op die boomtakke.
Ons sê die bome bloei.

Insekte bestuif die blomme en vrugte ontwikkel.
Nuwe plante begin groei – 'n teken van nuwe lewe!
Goeiste, maar die seemeeue kan raas.


14

15

Die leerfokus van Vlak 5 Leesboek 1 hieronder handel oor water as hulpbron. Die Leesboek wys verskillende gebruike van water.

Die fokusvraag word gevra en die antwoord is op bladsy 6 en 7.

Die vraag is op die eerste en 'n aparte reël geplaas om die belangrikheid van die vraag te versterk.



Is dit reg dat die water so loop?
Nee! Ons moet water bespaar.

Sonder water kan ons nie kos hê nie.

Sonder reën sou ons nie water hê nie.
'n Opgaardam stoor reënwater.

Ons kan reënwater ook in tenks stoor.

6

7

Die foto's wys Suid-Afrikaanse voorbeelde.

# KABV/Kurrikulum-inligting aangaande lees

Dit word baie duidelik in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit hoe lees in die Grondslagfase aangebied moet word en hoeveel tyd per week aan elke vaardigheid gegee moet word.

Die info-grafika hieronder wys wat die KABV beskou as belangrik en hoeveel tyd en watter assesserings voorgeskryf is.

- Hardoplees
- Gedeelde lees
- Begeleide lees
- Lees in pare
- Onafhanklike lees

- Gebalanseerde uitgangspunt tot hoe om te leer lees
- Bewus wees van klanke
- Woordherkenning (klanke en sigwoorde)
- Begrip
- Woordeskat
- Vlotheid

- Huistaal
- Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde
- Lewensvaardighede

**KABV**

| | |
|---|---|
| Luister en praat | Dink en redeneer en taalstrukture en die gebruik daarvan is geïntegreerd in alle taalvaardighede. |
| Lees en klanke | |
| Skryf en handskrif | |

Bykomende tweetaligheid

| Huistaal: onderrigtyd per week | |
|---|---|
| Graad 1 | 8 uur |
| Graad 2 | 8 uur |
| Graad 3 | 8 uur |

| Eerste Addisionele Taal: onderrigtyd per week | |
|---|---|
| Graad 1 | 3 uur |
| Graad 2 | 3 uur |
| Graad 3 | 4 uur |

# Sosiale taal teenoor akademiese taal

## Sosiale taal: basiese interpersoonlike kommunikasievaardighede (BIKV)

'n Amerikaanse navorser, Jim Cummins, het die term BIKV geskep. Hy beskryf BIKV as die basiese taal wat ons daagliks gebruik wanneer ons wisselend meng en kommunikeer met mense (1986). Kinders gebruik BIKV wanneer hulle speel en in algemene gesprekke.

BIKV is gemaklike taal omdat die taalstrukture eenvoudig is. Sodra kinders 'n werkende woordeskat het, het hulle die vaardigheid om die informele taal te gebruik sonder om te veel te konsentreer. BIKV behels minder kognitiewe (brein-) krag omdat die sosiale konteks duidelik is. Byvoorbeeld, as hulle sokker speel, weet hulle reeds watter woordeskat om te gebruik (span, bal, doel, ens.). Hulle weet dat hulle kan skree en opdragte gee sonder om "asseblief" en "dankie" voor en aan die einde van sinne te sit wanneer hulle met hul vriende praat.

Wanneer 'n addisionele taal aangeleer word, ontwikkel kinders gewoonlik BIKV binne ses maande tot twee jaar. Dit beteken dat 'n AEAT-leerder teen Graad 3 gemaklik 'n informele gesprek *moet* kan hou. Dit is egter belangrik om te onthou dat indien 'n leerder vlot klink binne 'n BIKV-omgewing dit nie beteken dat hul akademiese skryf- en leesvaardighede goed/sterk is nie.

## Akademiese taal: kognitiewe akademiese taalvaardigheid (KATV)

Jim Cummins het die akroniem KATV uitgedink om taalvaardighede te beskryf wat binne die klaskamer nodig is om akademiese leer te verstaan en te kommunikeer (1986). KATV dek die luister, praat, lees en skryf van inhoudsvakke soos Wetenskap en die Sosiale Wetenskappe.

Die vaardighede wat nodig is, is

- akademiese woordeskat
- vakwoordeskat
- om te kan analiseer en (sintiseer) saam te vat
- om te kan vergelyk en kontrasteer en klassifiseer
- om te kan evalueer en afleidings maak.

KATV neem meer kognitiewe breinkrag en konsentrasie aangesien die inhoud gewoonlik nie aan die kind bekend is nie. Hulle het min tot geen agtergrondkennis om enige nuwe terminologie of verduidelikings te verstaan nie. Baie nuwe idees, konsepte en woorde kan ter gelyker tyd aan die leerder bekend gestel word, en hulle moet dit onthou en dit later wanneer hulle getoets word, kan weergee.

Die gemiddelde Eerste Addisionele Taal-leerder ontwikkel KATV vyf jaar later as 'n Huistaal-spreker. Dit beteken dat indien jy Afrikaans Huistaal-sprekers tussen Addisionele Taal-sprekers in jou Graad 6-klas het, die Addisionele Taal-sprekers op 'n Graad 1-vlak werk in terme van die akademiese verstaan van die inhoud.

Dit is dus van kardinale belang dat alle Grondslagfase-leerders akademiese taalvaardighede aanleer. Hulle moet niefiksietekste lees en geleer word hoe om op 'n akademiese manier te dink en hoe om hul denke te verduidelik.

### 'n Vergelyking tussen BIKV en KATV

| BIKV | KATV |
|---|---|
| • Daaglikse mondelinge kommunikasie<br>• Sosiale taal sodat geselstaal gebruik kan word<br>• Die sosiale konteks is bekend<br>• Dit is maklik om sosiale taal te volg omdat:<br>– nieverbale aanduidings/wenke gesien kan word (gesigsuitdrukkings, handgebare, algemene liggaamstaal)<br>– inligting op 'n ander manier oorgedra kan word<br>– jy die ander persoon se reaksies kan sien<br>– jy verbale wenke kan lees (stemtoon, intonasie, emosie)<br>• **Dit neem omtrent twee jaar om te ontwikkel.** | • Klaskamergebaseerde kommunikasie<br>• Geskryfde, geleesde en gesproke taal is meer formeel<br>• Konteks is beperk<br>• Moeilik om aan te leer omdat:<br>– daar geen nieverbale wenke is nie<br>– dit dikwels abstrakte inhoud is<br>– min aangesig tot aangesig kommunikasie plaasvind<br>– bestaande kennis gewoonlik nodig is en soms kan dit kultureel spesifiek wees<br>– kennis oor die woordeskat van die inhoud nodig is<br>– verduidelikings gewoon is en gewoonlik gelees word<br>• **Dit neem vyf tot sewe jaar vir 'n Addisionele Taal-leerder om die taal van die klaskamer aan te leer.**<br>• *Maar, hoe beter die KATV in die Huistaal is, hoe vinniger sal die leerder die KATV in die Addisionele Taal aanleer.* |

Ons gebruik verskillende tipes taal vir verskillende doeleindes en gehore. Byvoorbeeld, die sosiale taal wat ons gebruik wanneer ons met ons vriende en familie gesels, is baie anders as die akademiese taal wat ons gebruik wanneer ons 'n vraag in 'n toets beantwoord. Dit is belangrik dat kinders albei tipe tale leer soos hulle enige taal aanleer.

BIKV en KATV is ewe belangrik vir Huistaal-leerders as vir Addisionele Taal-leerders. Gestandaardiseerde toetse in Suid-Afrika het gewys dat jong leerders nie kan lees en skryf in hul Huistaal asook in hul Addisionele Taal nie. Dit is omdat die meeste maniere van hoe toetse afgelê word, staatmaak daarop dat 'n leerder KATV het.

## Hoe om die ontwikkeling van BIKV te ondersteun

In baie huise word kinders nie aangemoedig om te praat nie, gesels niemand met hulle nie en hoor hulle dikwels net instruksies. Dit onderdruk hul ontwikkeling van BIKV. Daarom moet 'n Grondslagfase-klas nie 'n trae, stil klaskamer wees nie. Dit moet gevul wees met gesels, speel en interaksie.

Wat jy as 'n onderwyser kan doen:

- Voer gesprekke met jou leerders en praat met respek en wees hoflik; dit sal hul wys hoe hulle met ander moet praat.
- Gesels gereeld met jou leerders. Laat hulle so veel as moontlik verrykende taal hoor. Lees stories in jou klas.
- Moedig jou leerders aan om vrae te vra en antwoord eerlik; gebruik volsinne.
- Verdeel jou klas in gespreksgroepe. Gee vir hulle tyd om in die groepe te gesels, en om kennis, begrip en ondervindinge te deel. Hulle sal beter leer as hulle saamwerk.
- Begin elke dag met leerders wat hul nuus en stories van die huis af deel.
- Ontwikkel 'n stelsel van 'n "mat-vriend" of 'n "elmboog-vriend" wanneer jou klas op die mat is. Wanneer jy wil hê dat die klas hul begrip onder mekaar moet toets, kan jy hulle vra om dit wat hulle dink te deel met die maat wat naaste aan hul linker- of regterelmboog sit.
- Leer jou leerders dat dit in orde is om foute te maak. Moenie toelaat dat ander leerders vir foute lag nie. Foute wys dat die leerder probeer het, en dit moet beloon en aangemoedig word.
- Skep 'n klaskamer wat nie bedreigend is nie. Dit behoort motiverend te wees en die Huistaal moet altyd gevier word.
- Moedig jou leerders aan om hul gedagtes te verbaliseer. Prys hulle daarvoor en verwoord dit sodat die uitspraak, taal en woordorde korrek is.
- Verbeter foute wat groepe maak; moenie een kind se fout uitsonder en dit voor die hele klas korrigeer nie.
- Laat jou klas toe om met die taal te speel. Laat hulle situasies rolspeel soos om brood by die winkel te gaan koop. Terwyl hulle pret het, leer hulle en oefen hulle 'n BIKV-situasie wat hulle moontlik in die regte lewe kan ervaar.

## Hoe om die ontwikkeling van KATV te ondersteun

"Verskeie studies het getoon dat kognitiewe en akademiese ontwikkeling in die eerste taal 'n besonders belangrike en positiewe uitwerking het op die aanleer van 'n tweede taal." (Collier, 1995)

Wat jy as onderwyser kan doen:

- Skep 'n konteksgerigte klaskameromgewing en benadering tot onderrig.
- Leer inhoud deur bekende konteks – wanneer leerders lees oor iets wat hulle reeds ken en kan herken, leer hulle nuwe woorde en konsepte baie vinniger aan.
- Begin elke dag met die aanleer van nuwe inhoud deur eers dit wat leerders reeds ken te indentifiseer.
- Neem kontekstuele leidrade klas toe. Stel 'n tafel op met voorwerpe, items, boeke en prente wat by die tema pas en speel klankgrepe en video's.
- Laat die leerders toe om dit wat hulle leer in hul Huistaal te bespreek.
- Laat leerders toe om te gesels oor dit wat hulle verstaan. Hulle sal beter van mekaar leer; aangesien hulle BIKV kan gebruik en interpersoonlike leidrade kan volg.
- Laat leerders toe om in klein groepies te leer; hulle kan beurte neem om die onderwyser te wees en die konsep aan die res van die groep verduidelik. Leer deur samewerking is die beste.
- Herhaal gereeld nuwe inligting en herformuleer dit indien die leerders nie verstaan nie.
- Wys hoe om nuwe inligting te benader. Dui aan watter tipe vrae werk en wys hoe om die vrae te beantwoord.

Aangeleerde vaardighede is wisselbaar tussen Huistaal (Taal 1) en die Addisionele Taal (Taal 2). Daarom is vaardighede, leesstrategieë en konsepte wat in die Huistaal aangeleer word oordraagbaar na die Addisionele Taal. Dit is waarom leerders vlot moet wees in hul Huistaal. Die T2 (Taal 2) moenie die T1 (Taal 1) oorneem en vervang nie.

# Toegevoegde tweetaligheid

As 'n Grondslagfase-onderwyser sal jy die basiese elemente van jou leerders se Huistaal vir hulle leer. Jy sal ook die aanleer van 'n Addisionele Taal fasiliteer.


Aan die einde van Graad 3 is die doel om leerders te hê wat betekenisvol kan lees en skryf in hul Huistaal asook in hul Addisionele Taal. Dit word toegevoegde tweetaligheid genoem; aangesien jy 'n taal byvoeg. Die leerder se vaardighede in die Addisionele Taal (T2) mag op geen stadium sterker wees as in sy Huistaal (T1) nie. Dit word verminderde tweetaligheid genoem omdat jy 'n taal verwyder of verminder het.


Die doel is om tweetalige leerders op te lewer; L1 + L2 moet gelyk wees aan L1 *en* L2.

Laat toe dat die Huistaal aan die Addisionele Taal dikteer. Soos leerders gewoond raak aan die Addisionele Taal, sal hulle enige nuwe reëls vinnig bemeester.

✓ toegevoegde tweetaligheid L1 + L2 = L1 + L2


✗ verminderde tweetaligheid L1 + L2 = L2












# Assessering

Die proses om te leer lees is kompleks en verskillende vaardighede en strategieë is betrokke. Dit maak dus sin dat jy verskillende soorte assesserings en assesseringsinstrumente gaan nodig hê om ’n oorsig oor die leerder se leesvermoë te kry. Jy sal ’n assesseringstelsel moet ontwikkel waar jy die geheel kan sien:

- Watter vaardighede ’n leerder reeds het
- Swak areas en intervensie
- Sterk areas
- Effektiewe onderrig


## Die rol van assessering

Assessering is hoofsaaklik daar om ’n leerder se vordering te monitor sodat jy genoeg bewyse bymekaar kan maak om oor ’n spesifieke kind aan die Departement van Onderwys of die kind se ouers te kan rapporteer (summatiewe assessering). Assessering moet egter ook deur jou gebruik word om te kyk hoe suksesvol jou onderrigmetodes is en om dit, gebaseer op die uitslae, te verander (formatiewe assessering).

Jy kan bewyse kry deur

- jou leerders waar te neem (kyk) en notas te maak
- afmerklysies in te vul wat jou help om sekere gedrag te sien
- geskrewe werk na te sien
- op ’n een-tot-een basis sekere vaardighede formeel te toets
- gestandaardiseerde toetse te gee.

Jou taak is om die kurrikulum vir jou leerders te leer, om te assesseer hoe goed hulle doen en om jou onderrigstyl aan te pas om te pas by die behoeftes van jou leerders sodat hulle kan leer wat die kurrikulum van hulle verwag.





Jou assesseringsplan behoort vir jou terugvoering te gee wat

- deurlopend (te alle tye)
- samehangend (noodsaaklik en belangrik)
- spesifiek is.

Hierdie terugvoering sal jou help om jou tempo of onderrigfokus aan te pas en sal vir jou konkrete bewyse gee om met selfvertroue verslag te lewer oor elke leerder.

## Tipes assessering



# Vyf stappe om doeltreffende assesserings te implementeer

## Stap 1: Beplan die assessering

- Besluit op die soort assessering.
- Sodra jy besluit het watter soort assessering gebruik gaan word, moet jy nagaan dat jy alles gedek het en of die assessering geldig, regverdig en betroubaar is.

**Vra jouself die volgende af**

- Sluit dit die beste **vorm van assesserings** vir my klas in? Sommige vorms van leesassesserings sluit in: observasies, fonetiese werkskaarte, mondelingse leestoets, begripsvrae.
- Sal dit my **leerders op die korrekte vlak toets?**
- Is dit **in ooreenstemming met KABV**? Sal dit toets wat ek moet toets?
- Is dit **inklusief**? Is my assesseringshulpmiddels (afmerklysies, werkvelle, vrae) duidelik en maklik verstaanbaar? Ken en verstaan die hele klas al die woorde?

Assesserings moet vir alle leerders geldig, regverdig en betroubaar wees.

**Assesserings moet geldig wees**

- Die resultate moet 'n ware (akkurate) weergawe wees van wat die leerder weet, verstaan en doen terwyl hy of sy lees.
- Dit moet in ooreenstemming met die KABV wees en gekoppel wees aan die einde van die jaar se assessering soos dit in die KABV-dokument uiteengesit is.

**Assesserings moet regverdig wees**

- Jy kan net dit wat jy die leerders geleer het en die vaardigheid toets. Byvoorbeeld, jy kan nie aanneem dat leerders vorige kennis het nie.
- Dit moet inklusief wees en al jou leerders moet dieselfde tyd gegee word en in dieselfde omgewing getoets word.

**Assesserings moet betroubaar wees**

- 'n Assessering moet dieselfde uitslae lewer ongeag wie die toets behartig. Jou doel is om dieselfde assessering vir die hele graad te gebruik vir standaardisering.
- Dit moet 'n konstante/duidelike beeld gee van wat elke leerder in die klas ken, verstaan en kan doen.

## Stap 2: Doen die assessering

- Besluit wanneer jy die assessering wil doen; byvoorbeeld, grondlynassessering kan aan die begin van die skooljaar gedoen word, tydens die eerste kwartaal, om die intreevlakke van lees vas ste stel, of lees, en vir jou beplanning en voorbereiding van onderrig.
- Wanneer jy die leerders een vir een toets, maak seker dat die leerder gemaklik voel. Vermy woorde soos “toets” of “assessering”, omdat dit die leerder senuweeagtig kan maak.
- Indien jy die leerders individueel assesseer, beplan doelgerigte aktiwiteite vir die res van die klas sodat jy nie gesteur word tydens die assesserings nie.
- Indien die assessering ’n klastoets is, verduidelik dat leerders hul eie antwoorde moet gee en nie naboots wat ander leerders doen nie.

## Stap 3: Teken die resultate aan

- Indien die assessering ’n observasie is, teken die uitslae aan terwyl jy die assessering doen. Jy kan byvoorbeeld ’n kontrolelys of rubriek gebruik. Jy sal dan die resultate op die klaslys of kontrolelys moet oordra.
- Indien die assessering ’n klastoets is, sal jy eers die toetspapiere moet merk en dan die finale punte op die klaslys of kontrolelys aanbring.
- Dit is handig om rekords of vorderingsverslae te hê van die verskillende soorte assesserings wat jy doen. Hou byvoorbeeld vorderingsverslae vir jou grondlynassesserings en verskillende vorderingsverslae vir jou formatiewe assesserings. Teken die resultate vir summatiewe assesserings op die klaslys aan.

Hieronder is ’n voorbeeld van ’n rubriek.

| Rubriek: Hardoplees | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| Taakgedrewe gedrag | Het gesukkel om gefokus te bly | Aandag is met tye afgelei | | Bly meestal gefokus | | Bly gefokus | |
| Hardheid (volume) | Stem was baie sag; kon leerder skaars hoor | Stem was sag en sommige woorde was onhoorbaar | | Kon hoor, maar stem met tye sag | | Stem was die heeltyd hard genoeg | |
| Duidelikheid (hoe duidelik) | Leerder het gemompel en woorde waarvan leerder onseker was, is ingesluk. | Leerder het gemompel. Nie al die woorde is duidelik uitgespreek nie. | | Leerder het duidelik gelees, maar sommige woorde is verkeerd uitgespreek. | | Leerder het baie duidelik gelees en alle woorde is reg uitgespreek. | |
| Vlotheid | Leerder het die heeltyd gestop om woorde te ontsyfer. | Leerder het soms gestop om woorde te ontsyfer. | | Leerder lees taamlik vloeiend en moes net ’n paar keer stop om ’n woord te ontsyfer. | | Leerder het nie nodig gehad om te stop en woorde te ontsyfer nie en het vlot gelees. | |
| Uitdrukking | Leerder het sonder enige emosie gelees; heeltemal monotoon. | Leerder het met amper geen uitdrukking gelees nie en in ’n sangerige toon gelees. | | Leerder het probeer om met emosie te lees, maar het nou en dan uitdrukkingloos gelees. | | Leerder het met uitdrukking gelees. | |
| Lyftaal | Die leerder se gesig is agter die boek versteek. Beweeg baie en vroetel. | Die leerder se gesig is meestal agter die boek versteek. Beweeg en vroetel die meeste van die tyd. | | Die leerder se gesig is soms agter die boek versteek. Beweeg en vroetel ’n bietjie. | | Die boek is die heeltyd reg vasgehou. Hy of sy het die heeltyd stilgestaan. | |

## Stap 4: Analiseer die resultate

- Om die assesseringsresultate op ’n doelgerigte manier te gebruik, moet jy tyd spandeer om die data te analiseer.
- Dit help om punte in persentasies om te skakel en om die klasgemiddeld of persentasie vir spesifieke assesseringsitems te bereken.
- Kyk na die kontrolelys hieronder. Die onderwyser het die assesseringsresultate vanaf die Graad 2-grondlynassessering oorgedra na hierdie kontrolelys. ’n Vinnige oorsig toon dat 80% van die leerders gesukkel het om die /p/-klank te herken. Hierdie stel voor dat dit weer geleer moet word.

## Stap 5: Beplan jou onderrig / Besluit oor intervensie-strategieë

- Gebruik die bevindinge van jou analise om jou onderrigmetode te bepaal.
- Jy mag dalk agterkom dat die assesseringsdata vereis dat jy weer 'n konsep of sekere inhoud moet leer. Die data kan dalk aandui dat spesifieke intervensiestrategieë nodig is, maar nie vir alle leerders nie.
- Leesassesseringsdata vir Graad 1 tot 3 moet aangewend word om leerders te groepeer vir groepgeleide leesvermoëgroepe.

| **AET Graad 2 Grondlynassessering Kontrolelys** | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **1. Klank** | | | | **2. Woorde** | **3. Story: Beantwoord vrae oor 'n storie** | | | |
| Datum: | | | | | | | | | |
| Vrae/toets | 1. /s/ | 2. /b/ | 3. /m/ | 4. /p/ | Teken die hoeveelheid woorde korrek gelees uit die hoeveelheid pogings aan. | 1. rooi | 2. spinasie of tamaties of groenbone | 3. boer | 4. gesond |
| **Name van leerders:** | | | | | | | | | |
| Ben | ✓ | ✗ | ✓ | ✗ | 10/20 (50%) | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Neo | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | 21/24 (87%) | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Thandi | ✓ | ✓ | ✓ | ✗ | 11/18 (61%) | ✓ | ✓ | ✓ | ✗ |
| Ndileka | ✗ | ✗ | ✗ | ✗ | 0/10 (0%) | ✗ | ✗ | ✗ | ✗ |
| Mpumi | ✓ | ✓ | ✗ | ✗ | 5/10 (20%) | ✓ | ✗ | ✗ | ✗ |
| Bonga | ✓ | ✓ | ✗ | ✗ | 8/15 (53%) | ✓ | ✓ | ✗ | ✗ |
| Sizwe | ✗ | ✓ | ✗ | ✗ | 3/12 (25%) | ✓ | ✗ | ✗ | ✗ |
| Lia | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | 24/24 (100%) | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Tim | ✗ | ✗ | ✗ | ✗ | 0/10 (0%) | ✗ | ✗ | ✗ | ✗ |
| Jerome | ✓ | ✓ | ✓ | ✗ | 17/20 (85%) | ✓ | ✓ | ✓ | ✗ |
| Angel | ✓ | ✓ | ✗ | ✗ | 11/18 (61%) | ✓ | ✓ | ✗ | ✗ |
| Mpho | ✓ | ✓ | ✗ | ✗ | 10/17 (58%) | ✓ | ✓ | ✓ | ✗ |
| Buhle | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | 20/20 (100%) | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Chris | ✓ | ✓ | ✗ | ✗ | 5/10 (50%) | ✓ | ✓ | ✗ | ✗ |
| Pat | ✓ | ✓ | ✓ | ✗ | 20/24 (83%) | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| **Totaal** | **12** | **12** | **7** | **3** | **165/252** | **13** | **11** | **8** | **5** |
| **Gemiddeld** | **80%** | **80%** | **47%** | **20%** | **65%** | **87%** | **73%** | **53%** | **33%** |

AET Graad 2 Grondlynassessering Kontrolelys

## Grondlynassessering

Assessering begin by die beginpunt wanneer jy jou data aanteken. As jy vrugte eet en wil kyk wat die uitwerking daarvan op jou suikervlakke is, sal jy eers jou bloedsuiker toets voordat jy met jou eksperiment begin. Daardie telling is dan jou beginpunt, jou basis.

’n Grondlynassessering kan aan die begin van die jaar, graad, fase of selfs aan die begin van ’n onderrigeenheid gedoen word. Dit wys wat ’n leerder op daardie spesifieke tyd ken of kan doen. Onthou dat sodra jy hulle iets geleer en dit geassesseer het, skuif die beginpunt van dit wat hulle ken.

’n Grondlynassessering kan ook help om ’n leerder se sterk- en swak punte uit te wys.

Sonder ’n grondlynassessering het jy geen beginpunt om te meet of die leerder verbeter het of nie.

Wanneer jy weet waar jou leerders staan, kan jy jou onderrig beplan. Jy kan beplan:

- waar om met jou onderrig te begin
- waarop om te fokus
- wat om uit te los
- hoe vinnig of stadig jy kan gaan.

## Praktiese struikelblokke om Graad 1’s te assesseer

Die assessering van leerders in die Grondslagfase is ’n uitdaging aangesien elke leerder die skool inkom met unieke vaardighede en geen aanname behoort gemaak te word oor wat ’n Graad 1-leerder behoort te weet nie. Elke leerder ontwikkel teen sy eie tempo: fisies, emosioneel, sosiaal en kognitief.

Graad 1-leerders leer saam, as ’n klaseenheid, deur baie onderwyser-begeleide kommunikasie, na-apery, fisiese aktiwiteite, speel en groepsinteraksie. Dit is dus moeilik om een-tot-een tyd te bestuur om individuele assessering te doen.

Dit is ook moeilik om jong kinders te assesseer omdat hul taal- en kommunikasievaardighede nog besig is om te ontwikkel. Dit beteken dat hulle nie altyd hul denke of dit wat hulle verstaan, kan verduidelik nie. Hulle kan nog nie skryf nie en kan nie geskrewe take voltooi nie. Daarom het jy ’n assesseringstelsel nodig wat die volgende is:


- kindgesentreerd
- geskik vir die ouderdom
- geskik vir die ontwikkeling
- inklusief
- plooibaar
- verskillende tipes assessering insluit
- byhou by ontwikkeling
- gefokus
- en gebaseer is op bewyse (nie net wat jy dink nie).

## Voorstelle vir grondlynassessering vir Graad 1 tot 3

Op die volgende bladsye sal jy voorbeelde van grondlynassesserings vind wat aan die begin van Graad 1, Graad 2 en Graad 3 gebruik kan word.

Jy sal hierdie assesserings individueel met elke leerder moet doen. Stel ’n tydsbeperking vir elke deel van die assessering. Ons stel voor dat jy 1 minuut vir elk van die kategorieë allokeer in die grondlynassesserings wat op bladsy 48 en 50 verskaf is. Indien ’n leerder nie korrek reageer op die toetsitems nie (byvoorbeeld die eerste 10 letter-klanke, die eerste 5 sigwoorde of die eerste 7 woorde in die mondelingse stuk), pas ’n “vroeë stop”-reël toe om te voorkom dat leerders wat die leesvaardighede kortkom om te reageer, gefrustreerd raak.

Elke grondlynassessering is ontwerp sodat jy die resultate van elke leerder kan aanteken. Jy sal dan die resultate vir elke kategorie na die klaslys moet oordra.



**Hieronder is 'n voorbeeld van 'n grondlynassessering wat aan die begin van Graad 1 gebruik kan word.**

Naam: ____________________

Het na Gr R gegaan | J | N |

Geboortedatum: ____________________

Ouderdom: ______ Jaar: ______ Maand: ______


Onlangse oogtoets: | J | N |

Onlangse oortoets: | J | N |

Kommentaar:

| 1. Kleure | | | |
|---|---|---|---|
| groen | ☐ | swart | ☐ |
| pers | ☐ | wit | ☐ |
| blou | ☐ | rooi | ☐ |
| geel | ☐ | bruin | ☐ |
| pienk | ☐ | oranje | ☐ |

**2. Vorms**



| kan tel tot |
|---|
| ☐ |

| 3. Getalherkenning | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |

| 4. Letterherkenning/Letterklanke | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| a | b | c | d | e | f | g | h | i | j | k | l | m | n | o | p |
| ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ |
| q | r | s | t | u | v | w | x | y | z | | | | | | |
| ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | ☐ | | | | | | |

| 5. Skryfvaardighede | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kan teken volgens 'n instruksie | ☐ | Kan krabbel en van die krabbelmerke lyk soos letters | ☐ | Kan letters en vorms aftrek | ☐ | Kan hul naam skryf | ☐ |

**Hieronder is 'n voorbeeld van 'n grondlynassessering wat aan die begin van Graad 2 gebruik kan word:**

| | |
|---|---|
| **Naam:** ______________________________ | **Geboortedatum:** ______________________________ |
| **Graad 1-skool/klas:** ________________ | **Ouderdom:** ______ **Jaar:** ________ **Maand:** ________ |
| **Oogtoets:**<br>**Oortoets:** | **Kommentaar:** |

| **1. Letter-klanke: Vra leerders om te luister na 'n woord en jou te vertel wat die eerste klank is wat hulle hoor**<br>[*begin eerste klanke in woorde identifiseer*] | | | |
|---|---|---|---|
| **Woorde** | **✓** | **✗** | **Antwoorde** |
| 1. sit | | | /s/ |
| 2. bal | | | /b/ |
| 3. mat | | | /m/ |
| 4. pet | | | /p/ |

| **2. Woorde: Vra leerders om die sigwoorde hieronder te lees**<br>[*Woordherkenning: Herken 20 tot 30 bekende woorde in AET*] | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Woorde** | **✓ of ✗** | **Woorde** | **✓ of ✗** | **Woorde** | **✓ of ✗** | **Woorde** | **✓ of ✗** |
| nie | | dan | | pret | | seun | |
| sy | | ons | | kan | | haar | |
| was | | sit | | boek | | sien | |
| ek | | hom | | na | | is | |
| dit | | sien | | in | | en | |
| a | | van | | jy | | hy | |

| **3. Storie: Laat die leerder die storie lees, en vra die vrae wat volg**<br>[*Lees paragraaf vlot en beantwoord eenvoudige mondelingse vrae oor 'n storie*] | | |
|---|---|---|
| Klaas help graag sy ma in die groentetuin. Hy help om die plante water te gee.<br>Hy gebruik sy rooi gieter. Klaas maak die spinasie, tamaties en groenbone nat.<br>Klaas wil 'n boer word. Hy wil baie gesonde groente kweek. | | |
| **Vrae** | **✓ of ✗** | **Antwoorde** |
| 1. Wat is die kleur van Klaas se gieter? | | rooi |
| 2. Noem een groente in Klaas se tuin. | | Enigeen van die volgende: spinasie, tamaties, groenbone |
| 3. Wat wil Klaas word wanneer hy groot is? | | 'n Boer |
| 4. Is die groente in die tuin gesond of ongesond? | | gesond |

**Hieronder is 'n voorbeeld van 'n grondlynassessering wat aan die begin van Graad 3 gebruik kan word:**

| | |
|---|---|
| **Naam:** ________________ | **Geboortedatum:** ________________ |
| **Graad 2-skool/klas:** ________________ | **Ouderdom:** _______ **Jaar:** _______ **Maand:** _______ |
| **Oogtoets:**<br>**Oortoets:** | **Kommentaar:** |

**1. Letter-klanke: Wys die letters aan die leerders en vra hulle om elke letter te klank. Wys die woorde aan die leerders en vra hulle om die beginklanke te noem.**
[*Identifiseer letter-klankverhoudings van dubbelklanke. Herken dubbelkonsonante "tw", "bl", "vr" en "kw".*]

| | | | |
|---|---|---|---|
| ou | ie | aai | eeu |
| eu | oe | ooi | oei |
| **bl**aar | **tw**ee | **vr**ag | **kw**aad |

**2. Woorde: Vra leerders om die sigwoorde hieronder te lees**
[*Woordherkenning: Herken bekende woorde in ET*]

| Woorde | ✓ of ✗ | Woorde | ✓ of ✗ | Woorde | ✓ of ✗ | Woorde | ✓ of ✗ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| lees | | begin | | vlag | | fris | |
| swart | | vergeet | | klas | | gesig | |
| kwaad | | plan | | krap | | fles | |

**3. Storie: Vra leerders om die storie te lees en die vrae te beantwoord.**
[*Lees 'n paragraaf vlot en beantwoord vrae oor die teks.*]

| Storie | Woorde |
|---|---|
| Sarie besoek die plaas. | 4 |
| Sy help oupa om die diere te voer. | 8 |
| Hulle voer die varke. Sarie hou van die babavarkies. | 9 |
| Hulle voer die henne sade. Sarie hou van die geel kuikens. | 11 |
| Hulle gee hooi vir die koeie. Sarie hou van die bruin koei. | 12 |
| Oupa maak tee nadat hulle die diere gevoer het. | 9 |
| Ouma bring koekies. | 3 |
| Almal drink tee en eet koekies. Dit is die beste deel van die dag. | 14 |
| **Aantal woorde** | **70** |

**Begripsvrae. Vra leerders die volgende begripsvrae:**

| Vrae | ✓ of ✗ | Antwoorde |
|---|---|---|
| 1. Hoe help Sarie haar oupa? | | Sy help hom om die diere te voer. |
| 2. Watter kos eet die henne? | | Sade |
| 3. Van watter kleur koei hou Sarie? | | Die bruin koei. |
| 4. Wie maak die tee? | | Oupa |

# Hoe kan jy die grondlynassessering gebruik as hulpmiddel vir onderrig?

Gebruik jou grondlynassesseringsdata om individuele sterkpunte, swakpunte en behoeftes van lees vir die leerders in jou klas te bepaal.

Kyk na die data om te sien wie is onder en wie is bo die klasgemiddeld en nasionale maatstawwe.

Fokus op leerders wat onder die gemiddeld is en vra jouself die volgende vrae:

- Wat gaan ek doen om seker te maak die onderpresteerders is nie volgende keer ondergemiddeld nie?
- Hoe kan ek reageer op die individuele behoeftes van hierdie spesifieke leerders?
- Wat is toepaslike onderrig- en leerderintervensiestrategieë om die behoeftes van onderpresteerders aan te spreek?
- Hoe kan ek toepaslike strategieë aanpas in die konteks van my eie klas?

## Oorleer-inhoud

Wanneer baie leerders in 'n klas swak presteer in die grondlynassessering, is dit wys om die inhoud wat geassesseer is, aan die hele klas oor te leer.

Jou oorleer kan op 2 maniere aangepas word:

1. **Verander die fokus**: gebruik die assesseringsdata om te bepaal op watter aspek van die geletterdheid gefokus moet word en rig die aandag daarop tydens onderrig. Moet jy byvoorbeeld fokus op die vlak van klank (fonetiek), woordvlak of lees en begrip?
2. **Verander die strategie**: hersien jou onderrigstrategie en dink daaraan om 'n ander strategie te gebruik om dieselfde inhoud te leer, byvoorbeeld:
   - Is dit nodig om meer eksplisiete onderrig en modellering te doen?
   - Is dit nodig om die aktiwiteite meer interaktief en meer pret te maak?
   - Is dit nodig om meer steierwerk te doen?

## Inhaalprogramme

Indien die assesseringsresultate wys dat daar klein groepe leerders is wat soortgelyke behoeftes het, moet jy besluit op 'n intervensiestrategie wat die waarskynlikste is om die onderrig van geletterdheidprestasie te verhoog of optimiseer. Intervensie behels benaderings wat nie deel vorm van die normale skoolleesprogram nie.

Navorsing bewys dat gestruktureerde intervensies die beste werk in individuele- en kleingroeponderrig. Daar is ook min bewyse wat aantoon dat leerders wat swak presteer op 'n ander manier geleer moet word as leerders wat beter presteer. Hulle het eerder meer intensiewe ondersteuning en oefening nodig. Dit beteken die aanbied van remediërende klasse ná skoolure of om gestruktureerde tyd in skoolure te reël.

### Wenke vir die implementering van "inhaalprogramme" of remediërende klasse

- Bepaal die regte mengsel van onderrigmateriaal en intervensiestrategieë wat die behoeftes van die leerders in jou remediërende groepe aanspreek.
- Beplan tyd om buite klastyd met hierdie groepe te werk. Dit kan tydens pouses wees of ná skool.
- Maak seker dat die tydsberekening van remediërende lesse nie beteken dat leerders belangrike klaskameronderrig mis nie.
- Jy kan saam met onderwyserassistente beplan om jou "inhaalprogramme" uit te voer. Maak seker dat die onderwyserassistent die intervensiestrategieë wat jy gekies het, verstaan en dat hulle dit uitvoer soos beplan.
- Hersien gereeld die leerders in die remediërende groepe se vordering om te verseker dat die bystand wat verskaf word, hulle help om te vorder. Indien die bystand werk, behoort hulle vinnig op standaard te wees.

# Intervensiestrategieë

Die doel van intervensiestrategieë is om die prestasie van lae-prestasie leerders te verbeter. Sommige kwaliteit-intervensiestrategieë om geletterdheidsuitkomste vir alle leerders te verbeter, word hieronder gelys.

## 1. Verskaf ondersteuning om fonologiese en fonemiese bewustheid te ontwikkel

Verskaf oefening in die vaardighede wat in die tabel hieronder gelys word.

| Vaardigheid | Voorbeeld van onderrig-/leeraktiwiteit om hierdie vaardigheid te ontwikkel |
|---|---|
| Klankonderskeiding | Kies 'n reeks omgewingsklanke of -letters en vra die leerder om aan te dui watter een pas nie. Byvoorbeeld, maak of sê die volgende klanke (die een wat nie pas nie word in skuinsdruk aangedui):<br>• klap, klap, *klik*, klap<br>• /b/, /b/, /b/, */d/*<br>Lei die leerders om woorde wat met dieselfde klanke begin of eindig te identifiseer:<br>• pen, *sit*, poot, pot (*/p/ is die beginklank*)<br>• kat, mat, *pad*, vat (*/t/ is die eindklank*) |
| Herkenning van rymwoorde | Vra leerders om na 'n stel van twee woorde te luister en met hulle duime op te wys as die woorde rym, of met hulle duime af te wys indien dit nie rym nie:<br>• mat, kat (👍)<br>• bal, muis (👎) |
| Genereer rymwoorde | Sê of skryf die volgende woorde en vra leerders om woorde te gee of maak wat rym (swak taal is aanvaarbaar):<br>• kan: (*man, pan, dan*)<br>• hen: (*pen, ken, Ben*) |
| Lettergreep-segmentasie | Vra leerders om woorde in gedeeltes (lettergrepe) op te deel deur dit te klap. Byvoorbeeld, sê die woord "tafel". Wys hulle dan om dit in twee woorde op te deel deur te klap: ta (klap) fel (klap).<br>Vra leerders om nuwe woordeskatwoorde te herhaal en dit dan op te deel deur die lettergrepe in die woord te klap:<br>Een lettergreep (1 klap): *blou, kar, mat*<br>Twee lettergrepe (2 klappe): *tafel, appel, kombuis*<br>Drie lettergrepe (3 klappe): *appelkoos, tafelblad, lessenaar* |
| Lettergreepverbinding | Vra leerders om gedeeltes (lettergrepe) van 'n woord bymekaar te sit deur gebruik te maak van handbewegings. Maak 'n vuis met die linkerhand en sê die eerste gedeelte van die woord, byvoorbeeld "ap". Maak dan 'n vuis met die regterhand en sê die tweede deel van die woord, byvoorbeeld "pel". Bring die vuiste na mekaar en sê die hele woord: appel. |
| Aanvang en rym | Gee leerders baie geleenthede om te oefen om woorde op te bou of af te breek met 'n enkele konsonant na aanvang en rym:<br>• mat = m-at<br>• pen = p-en<br>• rooi = r-ooi |
| Verbinding en segmentering, eenvoudige enkel-foneme | Gee leerders baie oefening in die opbou (verbinding) en afbreek (segmentering) van woorde met enkel-foneme:<br>• Verbinding "mat": m-a-t = mat<br>• Segmentering "mat": m-at = mat |


## 2. Voorsien ondersteuning om herkenning te ontwikkel

Voorsien ondersteuning om herkenning te ontwikkel (vermoë om woorde te herken en uitspreek) en begripvaardighede (vermoë om die betekenis van woorde in 'n sin te verstaan).

| Voorbeeld van onderrig-/leeraktiwiteite om herkenningsvaardighede te ontwikkel | |
|---|---|
| Leer van sigwoorde met die gebruik van flitskaarte | Gee leerders baie oefening in die herkenning en lees van sigwoorde:<br>• Berei vyf flitskaarte voor met hoëfrekwensie sigwoorde van 'n storie wat jy lees.<br>• Wys flitskaarte aan die leerder en maak seker hulle verstaan die betekenis van die woord.<br>• Beweeg jou vinger van links na regs onder die woord en sê die woord stadig.<br>• Vra die leerder om die woord te herhaal.<br>• Gebruik die woord in 'n eenvoudige sin.<br>• Sodra jy al die flitskaarte gewys het, skommel die pak en herhaal die proses, terwyl jy oplet watter woorde die leerder kan herhaal of nie.<br>• Vra die leerder om elke woord in 'n sin te gebruik. |
| Herkenning van sigwoorde in teks | • Wanneer die leerder vir jou lees, maak 'n raam om hoëfrekwensie sigwoorde deur jou linkerduim aan die begin van die woord en jou regterduim aan die einde van die woord te plaas, en vra die leerder om die woord te lees.<br>• Vra die leerders om sigwoord-flitskaarte met woorde in 'n teks of storie bymekaar te pas. |
| Speel woord-kaartspeletjies | Woordkaarte is pret en 'n doeltreffende manier om nuwe sigwoorde, nuwe woordeskatwoorde asook spel en fonetiese woorde vas te maak. Woordkaarte kan in aktiwiteite met individue of klein groepe leerders gebruik word:<br>• In 'n klein groep, plaas die woordkaarte met die woorde na onder. Leerders neem beurte om die kaarte om te draai en lees die woord. Hulle kan dan die woord in 'n sin gebruik.<br>• In klein groepe kan leerders woordkaarte gebruik om kaartspeletjies te speel, soos "Snap", waar leerders kaarte gelykop onder mekaar verdeel en dan beurte neem om dit op een hoop neer te sit. Wanneer 'n woord met die boonste kaart ooreenstem, wen die eerste leerder wat die woord "snap" gebruik al die kaarte in die hoop. Die wenner is die leerder wat die meeste kaarte het aan die einde van die speletjie.<br>• Woordkaarte kan huis toe gestuur word sodat leerders hul lees- en fonetiese woorde kan oefen.<br>• Woordkaarte kan gebruik word om sinne te skep wat die leerders kan lees. |

## 3. Verskaf ondersteuning aan leerders op leesvlak.

Gebruik grondlynassesseringsresultate om dieselfde leesvermoëgroepe in Graad 1 tot 3 te skep. Dit verseker dat jy die groepbegeleide leesmetodologie op die regte vlak vir elke leerder in jou klas gebruik. Jy mag dalk agterkom dat sekere van jou vermoëgroepe ondersteuning in fonemiek benodig en ander in woordherkenning. Verwys in hierdie geval na die aktiwiteitvoorstelle in die bogenoemde tabelle. Leerders wat die lees van individuele woorde bemeester het, kan aanbeweeg na 'n groep wat 'n eenvoudige gegradeerde leser lees. Vir ondergemiddelde vermoëgroepe, gebruik lesers wat op graad 1-vlak gegradeer is of die laagste vlak in jou gegradeerde leesskema.




Goeie lesers kan woorde herken en uitspreek asook die woorde begryp. Hulle kan egter dalk sukkel met leesvlotheid. Leesvlotheid behels die toepaslike pas en lees met uitdrukking en egaligheid. Herhaalde lees van dieselfde teks is 'n bewysgegronde strategie wat leesvlotheid en begrip verbeter. 'n Paar maniere om hierdie strategie te implementeer, word hieronder gelys:

**’n Paar maniere om die strategie te implementeer:**

1. Maak seker alle leerders kan die teks sien en volg in ’n Grootboek wanneer jy gedeelde lees met die klas doen.
2. Modelleer vlotlees soveel as moontlik aan die klas. Jy kan ook sterker, vlotter lesers groepeer met swakker lesers tydens gegroepeerde lees. Die sterker leser kan doeltreffende modellering van vlotlees aan die swakker leser verskaf.
3. Bied herhaalde geleenthede aan leerders om dieselfde teks of storie te lees. Dit kan in groepgeleide lees, gedeelde lees of individuele lees gedoen word. Laat leerders toe om die leser huis toe te neem en moedig hulle aan om vir hulle familielede of toesighouers te lees.
4. Nooi individuele lesers uit om vir jou te lees. Prys hulle herhaaldelik en gee spesifieke terugvoer asook wenke oor hoe hulle kan verbeter, of help hulle om ’n manier te vind om dit self te doen.

**Voorbeelde van spesifieke terugvoer om leesvlotheid te ondersteun**



Leer lees met

# Oxford


Graad 1 tot 3

*Gebruik hierdie gids met hierdie betroubare leesprogramme:*

**Oxford Storieboom**

KOM ONS LEES

*Kyk binne vir:*




*Hierdie gids sluit in nota's en leiding oor hoe om kinders te leer lees. Voorbeelde met aantekeninge ondersteun en illustreer leeslesse en -onderrig.*

## *FOTOKOPIEERBAAR OF AFLAAIBAAR IN 'N OOGWINK!*

*Besoek freeresources.oxford.co.za en laai hierdie gids asook meer as 70 ander gratis hulpbronne af om tyd te spaar en resultate te verbeter.*

#1 FOR LITERACY
Proud publishers of trusted dictionaries and reading schemes for South African schools

OxfordSASchools
@OxfordSASchools

PROM190765712

SOUTH AFRICA



*Oxford – verander lewens deur onderwys*


A Proud Shareholder
THE MANDELA RHODES FOUNDATION

OXFORD UNIVERSITY PRESS
SOUTH AFRICA